

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Lig en Liefde

Verklarende aantekeninge by die drie sendbriewe van
die apostel Johannes
met die oog op Bybelstudie

Ds. M.J. Booyens

Inhoudsopgawe

Voorwoord	3
1 Johannes	4
Inleiding.....	4
1 Joh. 1:1-4. Jesus Christus, die Seun van God, is die Bron van die ewige lewe.....	5
1 Joh. 1:5-7. God is Lig - wandel in die lig.....	7
1 Joh. 1:8-2:2. Bely die sonde en ontvang vergewing.....	8
1 Joh. 2:3-6. Bewaar die gebooië van God.....	12
1 Joh. 2:7-11. Ons kindskap van God en broederliefde.....	13
1 Joh. 2:12-14. Die lesers ken die Vader en het die Bose oorwin.....	14
1 Joh. 2:15-17. "Moenie die wêreld liefhê nie...".....	16
1 Joh. 2:18-21. Antichriste.....	18
1 Joh. 2:22-25. Wie Jesus Christus verloën as die Seun, verloën ook die Vader.....	19
1 Joh. 2:26-29. "En nou, my kinders, bly in Hom".....	20
1 Joh. 3:1-3. Kinders van God.....	22
1 Joh. 3:4-12. Verskil tussen die kind van God en die kind van die duiwel.....	23
1 Joh. 3:13-17. Dooies word lewendig en het mekaar lief.....	26
1 Joh. 3:18-24. Rus in God.....	27
1 Joh. 4:1-6. Beproof die geeste!.....	30
1 Joh. 4:7-16. God is liefde - hy wat in die liefde bly, bly in God en God in hom.....	31
1 Joh. 4:17-21. Die volmaakte liefde dryf die vrees buite.....	34
1 Joh. 5:1-5. Oorwinnaars van die wêreld.....	35
1 Joh. 5:6-10. Daar is drie wat getuig.....	36
1 Joh. 5:11-13. God het ons die ewige lewe gegee.....	38
1 Joh. 5:14-17. Vrymoedigheid teenoor God, ook om te bid.....	39
1 Joh. 5:18-21. Jesus Christus is die waaragtige God en die ewige lewe.....	41
2 Johannes	43
2 Joh.: 1-3. Opskrif en seëngroet.....	43
2 Joh. 4-6. Blydschap en vermaning.....	44
2 Joh.: 7-11. Ontvang hom nie in die huis nie.....	45
2 Joh.: 12,13. Die skrywer groet.....	47
3 Johannes	48
3 Joh.: 1-8. Gajus se liefde.....	48
3 Joh.: 9-15. Diótrifes en Demétrius.....	49

Voorwoord

Hierdie boek is bedoel as 'n handleiding vir Bybelstudie. *Dit moet saam met die Bybel gebruik word.* Lees vooraf die hele betrokke Skrifgedeelte en behandel dit daarna teks vir teks aan die hand van die aantekeninge in die boek. Slaan asseblief alle teksverwysings na. So leer ons die Bybel in sy verband ken en word dit vir onself 'n ontdekkingstog in die goudmyn van die Woord van God.

Onthou *dat die Bybel met ons werk, indien ons met hom werk.* Dit is die swaard van die Heilige Gees wat ons as strydere in die koninkryk van die hemele moet kan gebruik.

Ek persoonlik het baie baat gevind by die studie van die briewe van Johannes. Dit is duidelik dat die apostel van die liefde hier aan die woord is.

"Wat 'n liefde en volheidslewe, waar ons bly ons in beroem, het die Vader ons gegewe dat Hy ons sy kinders noem" (Totius se beryming van 1 Joh. 3:1).

Mag die Here die werkie gebruik om ons mense te leer om die Bybel beter te gebruik en te ken, en bo alles: die liefde van God vir ons te waardeer en mekaar lief te hê na die eis van sy Woord.

"En nou, my kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie" (1 Joh. 2:28).

M. J. Booyens

Heilbron

1 Johannes

Inleiding

Die brief mis die gewone aanhef, soos ook die brief aan die Hebreërs (Hebr. 1:1). In ander briewe word ten minste gesê *van wie* die brief kom en *aan wie* dit gerig is. Daarby kry ons normaalweg ook 'n seëngroet (Rom. 1:1-7; 1 Kor. 1:1-3 - soos in al die briewe van Paulus; Jak. 1:1; 1 Pet. 1:1, 2; 2 Joh. vers 1-3; 3 Joh. vers 1).

En tog was dit nie die bedoeling van die skrywer om iets anders as 'n *brief* te skryf nie. Dit blyk uit die intieme toon van die brief. Hier spreek 'n innige band tussen die skrywer en die lesers. Hy praat van "my kinders" (2:1, 12, 18; 3:7, 18; 4:4; 5:21). Hy noem hulle ook "geliefdes" (3:2, 21, ens.); en broeders (2:7; 3:13). Hy rig hom ook tot 'n bepaalde groep gelowiges (2:19). Daarby blyk die band tussen skrywer en lesers selfs uit die aanhef - hulle ken mekaar en leef in noue verband met mekaar.

Ons sou eerder kon sê dat die skrywer só besield was dat hy dadelik begin met wat hy eintlik wil sê. Die gevare is groot en vermaning dringend nodig (2:15; 3:7). Dit gaan om die allergewigtigste dinge - dat Jesus Christus die Seun van God is (2:22-25); oor sy hele versoeningswerk (2:1-2; 4:2-3, ens.). Dit gaan ook oor 'n heilige lewe en ware broederliefde (1:6; 2:4,9; 3:3; ens.).

Hoewel hy nie sê *wie* die skrywer is nie, is daar uit die ou kerkgeskiedenis betroubare oorleweringe dat dit Johannes is. Dit is dieselfde dissipel vir wie Jesus liefgehad het, wat ook die Evangelie van Johannes geskryf het. Daar is selfs uit die inhoud van die brief duidelike aanduidinge dat ons met dieselfde skrywer te doen het. Omdat hierin egter ook ander sake as in die Evangelie aan die orde kom, kry ons soms 'n tipe styl wat blykbaar verskil van die gewone skryfwyse in die Evangelie. Ons het egter geen grondige rede om te aanvaar dat Johannes nie die skrywer was nie.

Ons kan aanneem dat die brief geskryf is aan 'n gemeente of 'n groep gemeentes in Klein-Asië. Dit is duidelik dat Johannes hierdie brief geskryf het toe hy al redelik oud was en hy het in sy latere leeftyd in Éfese gewerk. Die boek Openbaring het hy geskryf toe hy as balling op die eiland Patmos was - nie ver van die kus van Klein-Asië af nie (Openb. 1:9). Hy ken ook die omstandighede van die gemeente intiem (2:12-14; 2:19; 2:21,26; 3:7).

Die geadresseerdes was ook Christene uit die heidene, omdat hy waarsku teen die afgodery (5:21). Nêrens blyk dat hulle deur sy eie arbeid gelowig geword het nie. Daar het dwaalleraars by hulle opgetree (2:26), wat hulle egter weerstaan het en wat daarom weggegaan het (2:13-14, 19). Tog was dit nog nodig om hulle teen dwaalleraars te vermaan (2:18 e.v.; 3:7). Hy waarsku ook teen afwykinge in die geloof en lewe (1:5 e.v.; 2:4, 9, 22, ens.). Hulle was reeds redelik lank Christene (2:7), maar moes opnuut tot sekerheid gebring word (5:13). Die dwaalleraars kon hulle tot twyfel gebring het en selfs die feit dat baie voormalige lede blykbaar die gemeente verlaat het, sou dit vir hulle geloof moeilik maak (2:4, 9; 4:20; 2:18). Moontlik sou selfs afwykendes wat nog by die gemeente gebly het, dit vir hulle moeilik maak (3:4, 8).

Vrae

1. Sou dit aan ons wesenlik enige verskil maak wie die skrywer van die brief was (2 Tim. 3:16)?
2. Is dit van wesenlike belang aan watter spesifieke gemeente dit geskryf is?
3. Het ons ook te doen met dwaalleraars en sou die waarskuwinge ook vir ons van

belang wees?

4. Is dit ook vir ons - selfs die aller-gelowigste mens - nodig om in ons geloof bemoedig te word?

1 Joh. 1:1-4. Jesus Christus, die Seun van God, is die Bron van die ewige lewe

1:1. Verse 1 en 3 is een deurlopende gedagte, met 2 as 'n tussensin. Hy beklemtoon die getuienis van die apostels sterk (Hand. 1:8, 21-22 - vergelyk ook Joh. 20:30, 31; 21:24). Maar hy beklemtoon ook die ware Godheid van Christus en sy werklike menswording (Joh. 1:1-3, 14). Daarom herinner die aanhef ooglopend aan Joh. 1:1-4.

Dit is opmerklik dat hy begin met 'n neutrale "wat" en nie "Hy" nie. Daarin verskil hy van die begin van sy Evangelie (Joh. 1:1-3). Dit benadruk nie dat Jesus 'n Persoon is nie, maar lê die klem op sy Godheid. Dit staan in verband met die opkomende dwaling van die sogenaamde "monargianisme". Hulle het gemeen dat, wanneer 'n mens die Godheid van Jesus te veel benadruk, jy aan die eenheid van God afbreuk sou doen. Jesus is dan 'n profeet wat, volgens hulle, oorfloediger goddelike wysheid en krag as die ander profete ontvang het. Feitlik loën hulle dan die Godheid van Christus.

Hoewel Johannes in die eerste plek Jesus se Godheid benadruk, kom hy egter terstond ook tot die belydenis dat Hy 'n Persoon en die mens Jesus Christus is (3; 2:1, 2, 23; 4:9). Die dwaalleraars wat hy bestry, loën nie die bestaan van Christus as Persoon nie, maar wel dat Hy ook God is - God geopenbaar in die vlees (2:22-24; 4:2; 5:6). Daarom hoef hy nie Jesus as Persoon te verdedig nie, maar as God. En dan herhaal hy dit drie maal in vers 1 en weer in vers 3.

In vers 1 word "begin" uit die verband gesien as die begin in volstreekte sin. Dit is die beginlose ewigheidskarakter van die bestaan van Christus - Hy bestaan van ewigheid af - wat in sigbare tasbare verskyning openbaar word (Joh. 1:14). Die ewige en goddelike Seun kan tog eers verkondig word wanneer Hy Homself *openbaar* - hoorbaar en tasbaar en sigbaar. Hy is met die oë gesien, met die hande getas en met die ore gehoor (1, 3; Joh. 1:14). Hy wil so sterk moontlik beklemtoon dat Jesus Christus werklik in menslike gedaante in 'n bepaalde geskiedkundige tyd op aarde was - as die Seun van God. Die waarneming geskied nie alleen deur één sintuig nie, maar deur al drie. Dit was nie maar inbeelding nie, maar welbewuste waarneming. Hy is egter deur baie gehoor en gesien - selfs sy wondere het hulle gesien - wat nie in Hom as God geglo het nie (Joh. 1:11; 8:19; 1 Kor. 2:8). Sy dissipels het egter in sy verskyning en optrede - sy woord en daad - sy Goddelike wese waargeneem (Joh. 1:14; 2:11; 6:68-69; 14:7, 9; 17:8; Matt. 16:17).

Daarom sê Johannes nou nie bloot dat hulle Hom gesien het nie, *maar dat hulle in Hom sy Goddelike wese gesien het* - na sy Goddelike bestaan by sy Vader. Hulle het gesien en geglo wat die Vader in Hom en met Hom gegee het (Joh. 14:9-11; 17:8). Daarom verkondig hulle Hom só. Hulle het nie maar gesien en vergeet nie, maar dit bly hulle by. Hy benadruk dat hulle - apostels - dit in eie persoon waargeneem het. Om dit sterker te benadruk, herhaal hy weer: "wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons" (3).

Waarom sê Hy die dinge só herhaaldelik en nadruklik? Omdat die dwaalleraars ontken dat die geskiedkundige Jesus die ewige Seun van God is (2:22-23; 4:2, 3, 14; 5:1, 5, 6, 9-13, 20). Hy praat van "*ons*" het gesien en getas en gehoor, wat ook die ander apostels insluit (Hand. 1:8, 11, 21). Saam met hierdie manne was hy 'n ooggetuie.

Wanneer hy praat van die "Woord van die lewe", wys dit duidelik op Joh. 1:1-4; 5:26. Christus is self die Weg en die Waarheid en die *Lewe* (Joh. 14:6). Wie in Hom glo, het die

ewige lewe (Joh. 3:16). Hy gee die ware lewe wat 'n mens nooit weer kan verloor nie (Joh. 10:28)

1:2. Die tussensin is 'n nadere verklaring van vers 1. Twee keer noem hy weer die "lewe" en noem dit selfs "ewige lewe" om te benadruk dat dit die onverliesbare ware lewe is, wat ook voortbestaan ná die dood (Joh. 11:25,26).

Ook hier word die woord "openbaar" twee keer gebruik. "Openbaar" beteken dat iets wat bestaan eers bedek was, maar dat die bedekking verwyder is - dit word nou gesien. Dit word egter nie deur alle mense gesien nie, maar alleen deur die wat glo (Matt. 16:17). Hoewel Jesus deur baie gesien en gehoor is, is egter nie aan almal geopenbaar dat Hy die Seun van God is nie (Joh. 6:63-66).

Omdat hulle nie alleen sintuiglik gesien en gehoor en getas het nie, maar ook met verligte oë (Joh. 9:39-41; Luk. 11:34), kan hulle voortdurend die ewige lewe verkondig, wat by die Vader was en aan hulle geopenbaar is (Hand. 1:8). Maar ook met die verkondiging van die ewige lewe in Christus bly dit waar - nie almal wat hoor, glo dit nie (Hand. 16:14; *Nederlandse Geloofsbelydenis*, art. 5). Die Here openbaar Homself objektief in sy Woord, maar die Heilige Gees moet ons subjektief innerlik bewerk om te glo - dan eers is dit volkome geopenbaar (Joh. 6:63; Ef.2:8,9).

1:3. Duidelik stel Johannes dat ons die ewige lewe nie buite gemeenskap met die Vader en die Seun het nie. En die persoonlike bestaan van die lewe kom tot openbaring in die persoonlike omgang met die Vader. Maar dit is ook 'n gemeenskap met die verkondigers van die evangelie, wat berus op die gemeenskaplike geloof en liefde (2:9, 10). Selfs alleen deur gemeenskap met die oog- en oorgetuies het ander mense gemeenskap met die Vader en die Seun. Hoewel ons die oor- en ooggetuies nie persoonlik ken nie, het ons hulle getuienis in die Nuwe Testament, waardeur ook ons gemeenskap met die Vader deur die Seun het (Joh. 17:20, 21).

Hier het ons ook 'n sterk bewys vir die Godheid van Christus (Joh. 1:14; Joh. 8:24 - raadpleeg *Die Blye Boodskap* en lees dit in verband met Ex. 3:14; Joh. 10:30-33; 17:5; 20:28; Matt. 28:9, 17; Rom. 9:5; Openb. 1:8). "die Vader *en met* sy seun, Jesus Christus" gee hier baie duidelik in die oorspronklike taal te kenne dat die Seun van God die Here Jesus Christus is. Dit ontken die dwaalleraars (2:22; 4:15; 5:1, 5). "Jesus" wys op sy menslike natuur, sy verblyf op aarde, sy wese en werk as Redder. "Christus" sien op sy verordening en salwing deur God. Die benaming "Seun" benadruk sy mag en bevoegdheid om die Vader bekend te maak (Matt. 11:27).

Nie Johannes, die skrywer, of iemand anders op aarde kan God *volkome* ken nie. Alleen die eniggebore Seun, wat al die hoedanighede van die Vader besit, kan die Vader openbaar (Joh. 1:18; 14:9).

1:4. Dit is tipies van Johannes (Joh. 20:31). Hy skryf omdat hy liefhet en graag wil hê dat andere ook moet deel in sy blydschap. Juis die dinge, so pas beskrywe, is die fondament van ons blydschap, ons saligheid. Nie alleen hy nie, maar "ons" - al die apostels wat getuies was van Jesus - skryf of vertel die dinge. Verse 1-3 is die grondslag waarop alles wat volg, rus. Hy het daarmee ook selfs ander geskrifte in die oog, wat oor dieselfde evangelie handel.

Dit alles skryf hy - en die ander apostels - "sodat julle" (en ook "ons" - die apostels) se blydschap volkome kan wees (Joh. 15:11; 16:24; Rom. 1:11, 12). Vir die verkondiger is daar geen groter vreugde as dat andere hulle verbly in die Christus wat hy verkondig nie (Joh. 3:29; 2 Joh. 4; 3 Joh. 4). Daarteenoor beteken dit ook dat die geadresseerdes se blydschap ten top gevoer word, wanneer hulle die evangelie van Jesus Christus op Skrif besit. Dit is kosbaar en salig om die Woord van God te besit en daaruit te lewe (Openb. 1:3).

Vrae: 1:1-4

1. Waaruit ken ons die Here objektief?
2. Hoe ken ons Hom persoonlik - subjektief ?
3. Openbaar die Here Hom ook aan ongelowiges?
4. Wat was die taak van die apostels, wat gesien en gehoor en met die hande getas het? Verkondig die apostels nog steeds die dinge aan ons in ons tyd?
5. Hoe sou u die Jehovasgetuies, wat Christus se Godheid verwerp, kan weerlê?
6. Hoe sou u uit die Skrif kon bewys dat Jesus God uit God en Lig uit Lig is?
7. Besit u die ewige lewe? Wat beteken dit vir u in aardse moeite en verdriet?

1 Joh. 1:5-7. God is Lig - wandel in die lig

Die apostel het kortliks aangetoon wat ons ware opvatting oor Christus moet wees. Nou begin hy met sy eintlike brief. Hy pak dadelik die verkeerde opvattinge van die dwaalleraars aan.

1:5. Johannes sê nou wat hulle (die apostels) van die Here Jesus gehoor het (1-3), maar wat dan in besonder van toepassing is op die dwalinge van die dwaalleraars. Hy benadruk dat hulle verkondig wat hulle van Jesus gehoor het. Let op wat Jesus self van sy woord sê (Joh. 8:28). Selfs Hy het nie sy eie mening of insig verkondig nie, hoeveel te meer moet sy apostels en ook ons waak teen eie opvattinge. Hulle boodskap dra Goddelike gesag (2 Tim. 3:16; Joh. 16:13; 2 Pet. 1:20, 21; vergelyk ook Joh. 5:19; 7:17). Hierdie evangelie is trouens al aan die gemeente gebring - hulle kan nie sê dat hulle nie daarvan weet nie.

Die inhoud van die prediking is: "God is lig." Nou praat hy van God en nie van die *Vader* nie, want hy het die Goddelike Wese in sy Drie-eenheid in gedagte. Dit is die één ware God teenoor die afgode (Deut. 6:4). Hy is in wese lig - in Hom is hoegenaamd geen duisternis nie. Maar Hy is ook die Bron van alle lig - ook in die natuur. Dit is geen beeldspraak nie, maar volle werklikheid en geld absoluut onder alle omstandighede. Uit die verband moet ons egter onthou dat Johannes dit hier verkondig vanuit die openbaring in Jesus Christus (Joh. 1:18; 14:9-10). Dit lei tot die gedagte van kennis (2:4; 5:20; Joh. 17:3). Ons kan ook hier by *lig* dadelik dink aan die teëstelling van lig, naamlik duisternis of sonde. In Hom is geen duisternis nie (1:6; 3:7, 8; 1 Thess. 5:4, 5). By God is daar hoegenaamd geen gemeenskap met die duisternis of die sonde nie.

1:6. Wat ons bely en doen, moet ooreenkom (Matt. 7:21). Ongelukkig is daar huigelaars in die kerk (Matt. 13:24-30; *Nederlandse Geloofsbelydenis*, art. 29). Hier het ons te doen met 'n blote mondbelydenis. Let daarop dat Johannes praat van "ons" - hy sluit homself daarby in. Ook sy lewe moet ooreenstem met sy belydenis. Hier gaan dit nie alleen om die dwaalleraars nie, maar elkeen wat aan die kerk - uitwendig - behoort, moet homself beproef of hy in die geloof is (2 Kor. 13:5). God is lankmoedig oor 'n ootmoedige sondaar, maar teen 'n geveinsde ontbrand sy toorn (Amos 6:1). Dink aan die heerlike belydenis (1:3)! Onthou ook die skerp oordeel (2:4; 2:9). Die gemeenskap met God is die grootste voorreg vir die ware gelowige - hy het vrede met God (Rom. 5:1) en het rede om altyd bly te wees (Rom. 8:38, 39). Maar dan mag hy nie volhard in die lewe in duisternis - die duisternis van die sonde - nie. Dan is hy 'n leuenaar en 'n kind van die duiwel, die vader van die leuen.

1:7. Hier het ons die teenoorgestelde van die voorafgaande uitspraak. Mense wat in die lig wandel, het waarlik gemeenskap met God, want Hy is lig (5). Die lig is die uitstraling van die ware lewe in Christus (Joh. 10:27; Joh. 15:1, 5). Dit is dieselfde as die vrugte van die Gees (Gal. 5:22; Ef. 5:1-21, ens.). Die uitstraling van die lig of lewe uit Christus is alles wat God in

Christus gee: dit bepaal ons kennis en wil en daad (Gal. 2:20). Ons is altyd en oral in die lig en hoef niks te verberg nie. Het ons gemeenskap met God (3), leef ons ook in gemeenskap met ons medemens. Dan het ons mekaar waarlik lief (Joh. 13:34, 35; 1 Joh. 2:10). Die Here Jesus bid in Joh. 17:11 om die onderlinge gemeenskap van die gelowiges.

Maar dan is dit asof Johannes waarsku: pasop! Moenie julle liefdesbetoning vir mekaar as verdienste aanmerk nie - alleen die bloed van Jesus Christus reinig ons van alle sonde (Ef. 2:8-10).

Om van alle sonde gereinig te wees, bedoel nie dat ons heeltemal sondeloos is nie. Ons is nie vry van alle struikeling nie (2:1; 3:3). Dit beteken egter nie alleen dat ons sondeskuld betaal is deur die bloed van Jesus nie, maar dat die lewe in gemeenskap met Hom 'n daaglikse reinigende invloed op ons lewe het (Hebr. 9:22; Ef. 1:7; Lev. 17:11 - bloed reinig van die sonde). Christus se soenlyde hou vir ons alles in, in sy volle omvang - ons ontvang immers ook die Heilige Gees, as Toepasser van sy verdienste, wat ons meer en meer gelykvormig maak aan die beeld van Christus. Ons moet net onthou dat Johannes hier so sterk nadruk lê op Christus se versoening en heiliging deur sy bloed, ter wille van die dwaalleraars wat die gemeente verwar het.

Vrae: 1:5-7

1. Waarom dra die woord van die apostels, soos vervat in die Nuwe Testament, Goddelike gesag?
2. Oor Wie gaan dit wanneer Johannes verklaar: "God is lig"? Geld dit ook van Jesus Christus, ons Middelaar?
3. Wat beteken die uitdrukking: "God is lig"?
4. Kan elkeen van ons - ook 'n ware gelowige - hom skuldig maak aan die sonde van vers 6?
5. Wie is die vors van die duisternis en die vader van die leuen? (Soek die bewysplekke in die Bybel.)
6. Waarom hou ons liefde vir mekaar geen verdienste in nie {*Kategismus*, Sondag 24 - slaan die bewysplekke in die Skrif na)?
7. Waar dit hier wesenlik gaan om "heiligmaking" en nie om versoening van ons sondeskuld nie, waarom verbind Johannes dit aan die bloed van Christus en nie aan die Heilige Gees nie (*Kategismus*, Sondag 8:24)?
8. Wat is die onderskeid tussen skuldvergewing en heiligmaking (Rom. 5:1; Gal. 5:16-26; Ef. 4:22-27)?

1 Joh. 1:8-2:2. Bely die sonde en ontvang vergewing

1:8. Gemeenskap met God beteken dat jy in die lig wandel. Wandel jy in duisternis, het jy geen gemeenskap met God nie (6, 7). 'n Mens kan sê: "Dit is waar, maar ek het geen sonde nie." Op só 'n argument antwoord Johannes hier. "As ons sê dat ons geen sonde het nie" is iets anders as 3:6, 9; 5:18, waar dit gaan om *aanhou sondig, voortdurend sondig, in sonde lewe*. Dit blyk duidelik uit die vorm van die oorspronklike Griekse woord. Niemand kan sê *dat hy geen sonde het nie* (Rom. 3:9-20; 5:12). *Elke mens is van nature 'n sondaar voor God*, dood deur die misdade en die sondes (Ef. 2:1-7). Johannes wys hier bepaald op die wesenlike feit dat ons almal sondaars is - kragtens ons geboorte (Job 14:4; Ps. 51:7) - maar ook vanweë ons daaglikse sondes van struikeling. Daarom kan niemand sê: "Ek het geen sonde nie," al is sy sondes in Christus vergewe. In die opsig bestaan daar twee moontlike dwalings: 1. 'n Mens

kan voorgee dat jy volmaak is (Filip. 3:12). 2. Jy kan aanvoer dat die sonde wat jy doen, jou nie verontreinig nie, want jou siel is heilig, hoewel jou liggaam nog sonde doen. Dit is derhalwe nie jy self - of jou nuwe mens - wat sondig nie. Dit beteken dat jou daaglikse sondes jou nie *meer* skuldig maak voor God nie. Lees hierteenoor Rom. 6:1, 12, 19. Só 'n opvatting is 'n misbruik van die genadeleer (Rom. 3:8; Jud. 4). Vergelyk hierby ook Joh. 9:41; 15:22,24; 19:11.

Sonde en skuld kan nie van mekaar geskei word nie. Dan "mislei ons *onself*". Dit beteken dat die dwaling jou eie skuld is - dit maak jou skuld selfs groter. Die *mag* van die sonde is nog by die gelowige aanwesig en blyk duidelik uit die Skrif (Job 9:2; 14:4; 15:14; 1 Kon. 8:46; Ps. 130:3; Spr. 20:9; Pred. 7:20). Daarom is die soort dwaling 'n opsetlike dwaling en derhalwe baie gevaarlik - dan is "die waarheid nie in ons" nie. In werklikheid is ons dan buite Christus in en deur Wie God die waarheid aan ons gee (1:6; 2:21; 3:19; Joh. 18:37). Geen ware sondebeseft, of selfs 'n oppervlakkige sondebeseft, is 'n teken van doodsheid in die kerk (Openb. 3:17). Leef 'n mens uit Christus, dan bly jy in die waarheid en ken jy die waarheid dat jy 'n sondaar is. Die waarheid is vir jou die lewenselement wat jou oorheers (2:21; 3:19; Joh. 18:37).

1:9. In hierdie vers het ons die ander kant van wat in vers 8 gesê is. Niemand, behalwe Christus, is vry van sonde nie (Joh. 8:46; Hebr. 4:15) ook nie die gelowige nie. Ons moet ons sonde bely (erken) ook teenoor mense teen wie ons gesondig het (Matt. 3:6; Hand. 19:18; Jak. 5:16). Volgens die vorm van die werkwoord moet ons nie maar één keer bely nie, maar voortdurend. Dit is ook nie maar 'n enkele sonde nie, maar *sondes* (Jak. 3:2). 'n Algemene belydenis van sondes is nie genoeg nie en beteken ook nie veel nie - elkeen ken sy eie oortredinge en moet dit spesifiek bely (Spr. 28:13).

God is *getrou* - Hy voer sy beloftes uit (Hebr. 10:23; Openb. 1:5; 1 Tim. 1:15).

God is ook *regverdig* - Hy behandel elkeen na sy onderskeie omstandighede ooreenkomstig sy heilige Woord en reg. Daarom neem Hy die gebrokene van gees, wat sy sonde opreg bely in genade aan (Ps. 51:19; Eseg. 18:26, 27, 32; Luk. 18:13, 14). Dit beteken nie dat 'n mens deur jou sonde te bely die vergewing *verdien* nie, maar dat God *regverdig* is en daarom *doen wat Hy beloof het* (Ps. 32:5; Jes. 33:24). Dit kan Hy doen ter wille van die bloed van Jesus (1:7). Die gelowige word nie alleen swaar belas in sy gewete deur die *skuld* van die sonde nie, maar ook omdat hy die *sonde in homself haat*. Al my sonde is teen die Here wat my liefhet (3:3; Rom. 7:24) en ontheilig sy Naam.

Ons het nie alleen behoefte dat ons sondeskuld vergewe moet word nie, maar ook dat ons innerlik meer en meer gereinig mag word deur die gemeenskap met Christus. Daarom voeg hy hier by: "en ons van alle ongeregtigheid te *reinig*" (Jes. 1:18; 43:25; Eseg. 36:25-27; 1 Kor. 1:30; Ef. 1:7; Ef. 2:10). *Ongeregtigheid* beteken: om af te wyk of in te gaan teen die reg van God. Daarom het Hy 'n regspraak teen ons (Matt. 5:45; Hand. 24:15; 1 Pet. 3:18).

1:10. Johannes verwys na die verlede. Selfs al sou iemand ontken dat hy nog sonde doen, kan hy nie ontken dat hy dit wel in die verlede gedoen het nie. Ook dan maak hy God tot 'n leuenaar. Dit is selfs ondenkbaar dat daar 'n mens mag wees, wat so iets sou kon dink (2:4, 22; 4:20; 5:10; Joh. 8:44, 55). Alle mense is sondig (Gen. 8:21; Ps. 14:2, 3). Juis daarom moes Christus ly, om vir ons sondes te betaal (Jes. 53:5).

"*en is sy woord nie in ons nie*": Is sy woord nie in ons nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar. Bly sy woord egter in ons, dan bly ons in die waarheid - en daarom ook in Hom. Sy woord is die waarheid (Joh. 17:17). Dit is die woord wat Hy bekend gemaak het in Christus (Jak 1:18, 21). Vreeslik is dit om die woord te hoor, maar dit nie ter harte te neem nie - dit is nie in jou nie (Hebr.4:2; Rom. 1:16).

2:1. In 1:1-10 het Johannes skerp dinge geskryf. Dit sou die geadresseerdes pynlik tref. Nou sê hy waarom hy só skryf. Hy spreek hulle liefdevol aan as "my kinders". Soos 'n vader waak hy oor hulle en waarsku hulle in liefde. Hy gebruik eintlik die woord "*kindertjies*". Dit spreek van gehegtheid en geneentheid - hy het hulle waarlik lief (3:1, 2; 5:2; 2 Joh. 1, 4, 13; 3 Joh. 4). "*My kinders*" druk bepaald ook sy hoë ouderdom uit (2 Joh. 1; 2 Joh. 4). Dit sien egter veral op sy geestelike band met die geadresseerdes - sy amptelike verhouding as apostel tot hulle was soos die van 'n vader tot sy kinders.

Hy sê met nadruk dat hy skryf opdat hulle nie moet *sondig* nie. Die werkwoord "sondig" staan hier só dat dit beteken "in sonde val" en nie "aanhou om te sondig" nie. 'n Gelowige kan nie in sonde leef of volhard nie - hy stry daarteen. Hier op aarde is daar egter niemand wat nie struikel nie (1:8, 9). "As iemand gesondig het" beteken dieselfde - hy het in sonde geval. Daarby sluit hy, as skrywer, homself eintlik in: "*ons* het 'n Voorspraak . . ." (1:6, 7). In die opsig staan alle gelowiges naas mekaar. "*Voorspraak*" is hier dieselfde woord as wat in Joh. 14:16, 26; 15:26; 16:7 vir die Heilige Gees gebesig is en deur "Trooster" vertaal word. In Johannes 14:16 noem Jesus Hom 'n "ander Trooster", waarmee Hy voorgee dat Hy self ook 'n *Trooster* of *Voorspreker* of *Advokaat* is wat vir ons pleit. Hy is *Pleitbesorger* by God vir ons deur te wys op wat Hy self vir ons gedoen het in sy soenlyde. Die Heilige Gees is weer *Pleitbesorger* by ons om ons te bemoedig en te troos dat ons, ondanks ons sonde, deel het aan die genade in Christus. Alle gelowiges het vir Christus as Voorspraak nodig - en ook voortdurend. Hy is altyd daar voor die Vader om te pleit en ons is altyd omring deur ons doodsvyande (*Kategismus*, Sondag 52) - die duiwel, die wêreld en ons eie vlees of sondige harte.

Ons Voorspraak of Pleitbesorger is Jesus Christus, die Regverdige. Jesus is sy Persoonsnaam en beteken Saligmaker of Redder of "die Here is heil of redding". Dit is dieselfde as die Hebraëuse naam *Josua* (Matt. 1:21; Luk. 1:31). *Christus*, waarvan die Hebraëuse vorm *Messias* is, beteken *Gesalfde* - Hy is deur die Here gesalf tot Middelaar (*Kategismus*, Sondag 11 en 12). Hy is derhalwe deur God aangestel en kan in die volle sin van die woord ons *Voorspraak* by die Vader wees.

Maar Hy is ook die *Regverdige* - Hy is in wese volkome in ooreenstemming met die wet van God (Matt. 5:17; Joh. 8:46; Hebr. 4:15). Daarom kan Hy Hom voor die Vader stel en vir ons bid (Rom. 8:34). Die pleitgrond self noem die skrywer in vers 2.

2:2. Johannes sit sy gedagtegang van vers 1 voort. Hier verklaar hy nog duideliker waarom Jesus vir ons as Voorspraak kan optree. Hy gee nadruklik aan wat die grond van Jesus se voorbidding is. Dit is nie in ons geleë nie - ons berou of ootmoed of vroomheid nie. Ons ontvang vergewing van ons sondes alleen *omdat Hy 'n versoening vir ons sondes is. "Hy is..."* Hy en geen ander of niks anders nie - alleen Hy (Hand. 4:12); Hy in sy Persoon (Joh. 14:6; Ef. 2:14; 1 Joh. 4:10; Rom. 3:25).

Versoening vir ons sondes is 'n heerlike gedagte. Dit beteken: die sonde word *oordek* of *rondom bedek*, sodat dit geheel onsigbaar is. God se toorn of straf gaan nie meer daarteen uit nie - Hy sien dit nie meer nie - maar alleen die weg vir sy guns en vrede lê oop voor Hom (1:9; 4:9, 10; Rom. 3:24-26). En hoe word dit bedek? Deur Jesus Christus persoonlik - Hy het persoonlik die skuld en straf teen die sonde gedra. Hy is Offeraar en Offer tegelyk (Hebr. 7:25-27; 9:26). Ons het ook hier by Johannes die voorstelling van die hoëpriester wat met die offerbloed in die allerheiligste van die tabernakel of tempel tot God nader (1:7, 9; Lev. 16).

"... en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir die van die hele wêreld" (Joh. 3:16). Hier gaan dit om die wêreld in sy *geheelheid* - *die geheel as sodanig*. Dit omvat nie elke mens persoonlik nie, maar die wêreld in sy ordening of samestelling as geheel. Die hele wêreld se

sonde is betaal, maar alle mense word nie gered nie (Joh. 3:16; Ef. 1:10; Kol. 1:20). Deur die sonde van die mens het die wêreld in sy geheel 'n gebroke wêreld geword - die wêreld is verniel. Die mens is as koning of heerser oor die wêreld gestel (Gen. 1:26, 28; Ps. 8:7; Hebr. 2:8). En met die mens val ook die wêreld (Gen. 3:17-19). Daarom kom Jesus se versoening die hele wêreld ten goede.

"Wêreld" - die Griekse woord "*kosmos*" - beteken hier nie alleen die mensewêreld nie. Soms kan die woord wel uit die verband beperk word tot "mensewêreld" (Joh. 17:5; Rom. 1:20). Hier sien dit egter op meer as bloot die sondige mensewêreld (4:14; Joh. 3:16). Dit blyk uit die Griekse skryfwyse en is ook werklik só omdat die Here Jesus Christus ook die hele wêreld - die natuur ingesluit - nuut maak of weer oprig by sy wederkoms (Rom. 8:20-21; 2 Pet. 3:13; Openb. 21:1). Nie alleen die uitverkorenes word behou nie, maar God herstel die wêreld in sy geheel in sy struktuur of samestelling (Rom. 8:20, 21; Jes. 65:17), om Christus ontwil (Ef. 1:10; Kol. 1:20).

Vrae: 1:8-2:2

1. Wat is die verskil tussen *almal het sonde of is sondaars* en om *in sonde te leef* of *in sonde te volhard*?
2. Wat is die verskil tussen 'n *bekeerde* en *onbekeerde* sondaar (Kategismus, Sondag 33)?
3. Kan 'n mens die leer van genade in Christus tot jou verderf misbruik of verdraai?
4. Kan u omskryf wat die verskil is tussen *sondeskuld* en *sondemag*? Is jy heeltemal vry van die mag van die sonde, wanneer jou sondeskuld vergewe is?
5. Waarom bring die ontkenning van die mag van die sonde, ook in die lewe van iemand wat sê dat hy glo, die *waarheid* van God in gedrang en beteken selfs dat jou sondevergewing of regverdiging deur die geloof dan 'n valse inbeelding is {*Kategismus*, Sondag 23 met teksverwysings)?
6. Waarom moet ons elke dag ons sondes bely?
7. Op watter grond alleen word ons sondes vergewe?
8. Haat u die sonde in uself? Waarom? Of waarom nie?
9. Sou dit vir Christus nodig wees om te ly indien nie alle mense sondaars was nie?
10. Wat beteken die uitdrukking, "Sy woord is nie in ons nie", vir u persoonlik?
11. Mag 'n predikant nalaat om skerp tot sy eie gemeente te preek oor sonde en sondebeseft op grond van hierdie gedeelte?
12. Wat is volgens 2:1 Johannes se motief om die dinge so dringend te skryf? Wat beteken "sondig" in die vers?
13. Wat sou u as die ergste beskou: om in 'n "skandelijke" sonde te *val* (soos owerspel) of in 'n "fatsoenlike" sonde te *volhard* (soos onverskilligheid om eredienste by te woon, ens.) (Joh. 8:3-11; Gal. 6:1, 2; Hebr. 10:25-27)?
14. Die woord *Voorspraak* in 2:1 is dieselfde Griekse woord as *Trooster* in Joh. 14:16. Op Wie sien dit onderskeidelik? Ons kan albei kere vertaal *Advokaat* - by wie pleit elkeen onderskeidelik as ons Advokaat?
15. Omskryf die betekenis van die Name: *Jesus*, *Christus* en "*die Regverdige*"? Wat beteken dit vir ons?

16. Wat beteken die uitdrukking "versoening vir ons sondes"?

17. Wat beteken die uitdrukking "die hele wêreld" (2:2)?

1 Joh. 2:3-6. Bewaar die gebooië van God

2:3. Die onfeilbare boodskap wat die apostels van Jesus Christus ontvang het, is dat God lig is en geen duisternis in Hom is nie (1:5). Hier kom hy daarop terug en ook op sy toepassing daarvan (1:6). Om God te *Ken*, sluit ook in dat jy in *gemeenskap* met Hom leef. *Ken* beteken hier dat jy Hom leer ken deur waarneming of ervaring (4:6; vergelyk Job 42:5). Die vorm van die werkwoord *ken* beteken dat dit 'n voortdurend voortgaande kennis is. Dit is geen kennis wat 'n mens het en dan volmaak besit nie - *jy kry dit algaande meer en meer. Die kennis groei hoofsaaklik deur met sy Woord noukeurig besig te wees en deur in alle erns in gemeenskap met Hom te leef* (Joh. 15:1-4,7).

Die gewisse teken dat ons God ken, word in ons lewe gesien: ons bewaar sy gebooië (5:3; Joh. 10:18; Matt. 5:19; Luk. 1:6). Alle gebooië van God moet ernstig opgeneem word en altyd, voortdurend bewaar word. *Bewaar* beteken hier ook nie bloot uitwendige bewaring nie, maar met sielsbegeerte - jou hart is daarby betrokke, omdat jy God liefhet (Joh. 14:15, 21; 17:11, 12).

Die kennis van God is nie maar 'n teorie of intellektuele insig nie, maar vervul ook ons hart met liefde vir God en beheers ons hele bestaan in alles wat ons dink en doen en sê.

2:4. Op grond van vers 3 kan Johannes hierdie bewering maak (1:6). Die mondbelyer of huigelaar sê dat hy God ken, maar sy lewe getuig daarteen. Hy is 'n *leuenaar* - hy struikel nie maar 'n keer of wat nie, maar hy is in wese 'n leuenaar (1:8). Daarom is hy buite Christus - die waarheid is nie in hom nie. Dit gaan hier om die volharding in die soort lewe, wat 'n kenteken is van die leuen-lewe. Hy is en bly 'n leuenaar, solank hy hom nie bekeer nie (Jak. 2:14,17).

2:5. In vers 3 handel Johannes oor *die bewaring van God se "gebooië"*. Hier gaan dit daarom om sy *Woord te bewaar* (1:10). *Woord* is hier die Goddelike openbaringswoord in sy eenheid - alles wat ons die Heilige Skrif noem (2 Tim. 3:16; Joh. 1:14).

"In hom het die liefde van God waarlik *volmaak* geword", beteken dat die liefde tot sy doel - sy volkomenheid - gekom het. Hier gaan dit egter nie oor ons liefde tot God nie, maar oor God se liefde tot ons (Joh. 15:9, 10; Joh. 17:26 - vergelyk ook 1 Joh. 4:7, 16). Die liefde is uitgaande van God en kom tot ons en werk in ons (Rom. 5:5, 8). Johannes sê met ander woorde: God laat sy liefde na ons uitgaan, dit vat pos in ons en ons hele bestaan en alles wat ons doen, word daardeur beheers. God se liefde kom nooit in ons sonder enige verdere doel nie - sy liefde wil ons daartoe bring om sy Woord te bewaar. Dan eers bereik die Here sy doel en kom die liefde tot volheid of volkomenheid. Waar dit nie daartoe kom nie, word sy liefde teruggetrek (3:17; 4:16). Die volkomenheid van die liefde beteken egter nie dat die gelowige dan sonder sonde en volmaak is nie, maar alleen dat *God sy doel met sy liefde bereik het* - ons word beheers deur die beginsel van die liefde.

"Hieraan weet ons dat ons in Hom is" - 'n boom word aan sy vrugte geken. Word ek deur die liefde van God beheers, kan dit nie anders nie as dat God deur sy Gees in my woon en werk. Dan weet ek dat ek in Hom is (*Kategismus*, Sondag 32).

2:6. "... in Hom bly . . ." beteken om voortdurend in Hom te bly of gemeenskap met Hom te beoefen (Joh. 15:4-7). Dit vereis dat jy Hom moet volg en doen wat Hy gedoen het (Joh. 10:27; 15:12, 14). Hierin kom die skrywer tot 'n klimaks. Die navolging van Jesus is die bepalende faktor in ons ganse lewe. Hy het na die aarde gekom om ons te verlos van ons

sondes en dit kom tot openbaring in ons lewe - dan leef ons soos Hy geleef het (1:6). Dit gaan nie maar om die een of ander daad - so nou en dan - nie, maar ons ganse lewensbestaan en optrede onder elke omstandigheid kom daarin tot uiting (Joh. 13:12-15; 1 Pet. 2:21).

Hoewel ons nimmer, soos Hy, kan sê dat ons geen sonde het nie (1:10; Joh. 8:46), mag ons nie in die sonde lewe nie.

Dit is hier van die allergrootste belang om te onthou dat Jesus nie bloot 'n voorbeeld vir ons was nie. Hy is in die eerste plek ons Verlosser, maar omdat *ons verlos is*, is ons sy navolgers - ons wandel soos Hy gewandel het.

Vrae: 2:3-6

1. Wat beteken dit om God te ken? Wat hou dit vir u persoonlik in (3; Joh. 17:3)?
2. Hou kennis van God meer in as 'n kennis van die feite in die Bybel? Kan ons God egter ken sonder om die Bybel te ken?
3. Kan u sê dat u God waarlik ken en hoe weet u dit in die lig van vers 3?
4. Waaraan ken 'n mens 'n leuenaar of huigelaar in die kerk uit (vers 4)?
5. Is iemand wat 'n leuen vertel het, altyd 'n *leuenaar* in die sin waarin dit hier bedoel word?
6. Wat beteken dit om die *woord te bewaar* (5, Openb. 1:3)?
7. Hoe kan die liefde van God in 'n mens volmaak geword het? Kan u dit van uself sê?
8. Watter kentekens, dat 'n mens 'n kind van God is, ontvang ons in vers 6?

1 Joh. 2:7-11. Ons kindskap van God en broederliefde

2:7. "Broeders" of "broers" is die gewone wyse waarop 'n gemeente aangespreek is. Vroue word as inbegrepe beskou by die mans. In Christus is ons broers en susters van mekaar (Matt. 12:46-50; Joh. 12:17; *Kategismus*, Sondag 13 vraag 33). Die uitdrukking "Geen nuwe gebod" lê die nadruk daarop dat die gebod nie nuut van *aard* of *beginsel* is nie. Dit weerspreek daarom nie vers 8 of Jesus se uitspraak in Johannes 13:34 nie (Gal. 6:2). Só praat Petrus ook van die "*nuwe aarde* en die *nuwe hemel*" (2 Pet. 3:13). Dit beteken nie dat God opnuut skep nie, maar die ou skepping *vernuut*.

Uit wat volg, is dit duidelik dat die "ou gebod" hier veral slaan op die gebod van die broederliefde (Deut. 6:5; Lev. 19:18). Dit is ook geopenbaar as verbondsgenade en voorreg (Ex. 20:2; Deut. 6:4; 10:12-21 - Israel moet die gebod bewaar as *verloste* volk van God). Maar ook die gemeente aan wie Johannes skryf, weet van die liefdesgebod vanaf die begin - toe hulle gelowig geword het. Dit is wesenlik 'n inherente deel van die evangelie (Matt. 22:37-40; Joh. 13:14; 15:9-12).

2:8. Hoewel die gebod van die naasteliefde *oud* is, kan dit tog ook *nuut* genoem word, in die optrede en versoeningswerk van Jesus Christus. In sy self-oorgawe tot in die dood het nuwe lig oor die liefdesgebod opgegaan (Joh. 15:13; Ef. 5:25-27; 1 Joh. 3:16). ". . . wat waar is in Hom en in julle", kan ons aldus omskryf: ". . . wat waar is in Hom (Christus) *moet ook waar wees in julle*" (Joh. 15:9-12; 1 Kor. 10:32-11:1).

". . . want die duisternis gaan verby en die waaragtige lig skyn alreeds", beteken dat niemand kan voorgee dat hy nie weet van die gebod, indien hy voortgaan om in die "duisternis" van liefdeloosheid voort te lewe nie. In Christus is die waaragtige lig en dit het veral geblyk uit sy groot liefde - daarin moet sy dissipels Hom navolg (Joh. 3:19-21). In Hom het ons die *ware*

of *egte* lig (Joh. 1:9).

2:9. Nou sê hy reguit wat hy met lig en duisternis bedoel - die ou gebod wat ook nuut is (1:7; 2:4-6). "Hy wat sê *dat hy in die lig is . . .*" dit wil sê te kenne gee dat hy voortdurend of altyd in gemeenskap met Christus leef (Joh. 15:1-7) moet dus liefhê.

Maar as hy daarenteen sy broer haat, beteken dit dat hy nog steeds in die duisternis is, ten spyte van sy bewering dat hy in die lig is. Daar is geen tussenweg tussen liefde en haat nie. Het jy jou medemens nie lief nie, dan haat jy hom. En waar liefde is, tree dit aan die lig - dit word gesien of beoefen (Jak. 2:15, 16). Wie egter nie liefhet nie, mis die gemeenskap met die lig - al sê hy dat hy in die lig is. Hy het nog nie eens deel aan Christus nie, maar is bloot 'n mondbelyer (Matt.7:21-23; 12:33).

2:10. Die Griekse woord "liefde" is hier 'n sterk woord (*agapé*) wat in geestelike sin bedoel word. Hier beteken dit ook om "voortdurend lief te hê" - daar is volharding in die liefde met die hele persoon en al mens se vermoëns. Juis omdat die lig in Christus die onbegryplike liefde van God openbaar (Joh. 3:16; Rom. 8:31, 32), moet die liefde vir die medemens ook die lig uitstraal, want die liefde van Christus is in ons.

In so 'n mens is geen oorsaak tot struikeling of aanstoot nie (Openb. 2:14; Matt. 13:41, 42; 18:5-7). Hier bedoel Johannes eintlik dat só 'n mens nie vir *homself* 'n oorsaak tot struikeling is nie. Die mens wat nie liefhet nie, se oog is verduister en hy leef nog in die nagdonker (Matt. 6:22, 23; Luk. 11:34-36; Jak. 1:14). Daarom struikel hy voortdurend.

2:11. Hier stel Johannes die teenoorgestelde van vers 10. Hy wat sy broer haat, *is* en *wandel* in die duisternis. Hy hou nie alleen aan om in die duisternis te leef nie, maar Johannes toon ook aan dat hy dit onbesorg en met genoeë doen. Duisternis bedoel ook dat hy benewel is en nie kan sien nie (Joh. 9:39-41). Dit is egter gevaarlik om in die donker te loop - jy weet nie waarheen jy gaan nie. Hy leef in onverskilligheid of ydelheid onder die oordeel van God (1 Pet. 1:18; 3:9; 5:8, 9). Diere wat voortdurend in die donker bly - soos perde onder in koolmyne - word uiteindelik blind, omdat hul oë nie gebruik word nie. Só is dit met 'n mens se gewete - word hy nie gebruik nie, dan is hy eindelijk só afgestomp dat hy nie meer werk nie. Dan leef jy in die donker.

Vrae: 2:7-11

1. Op grond waarvan alleen is ons *kinders* van God en *broers* en *susters* van mekaar?
2. Wat beteken "ou gebod" en "nuwe gebod" (7, 8)?
3. Het die liefdesgebod in die Ou Testament beteken dat die volk daardeur die guns van God *verdien*?
4. In watter opsig kan ons sê dat die liefdesgebod vir ons as Christene *nuut* is?
5. Wat is die gewisse kentekens dat 'n mens in die lig of in die duisternis lewe?
6. Hoe moet 'n mens jou medemens liefhê (10)?
7. Wat beteken dit om 'n struikelblok te wees en vir wie kan 'n mens dit wees?
8. Waarom is dit gevaarlik om jou gewete te onderdruk?

1 Joh. 2:12-14. Die lesers ken die Vader en het die Bose oorwin

Dit is opmerklik dat Johannes in 2:12-14 ses keer herhaal: "Ek skryf aan julle" of "ek het aan julle geskryf". Hy sê selfs nie uitdruklik *wat* hy geskryf het nie. Hy benadruk slegs die feit *dat* hy geskryf het en *waarom* hy dit gedoen het. Hy wil benadruk dat hulle moet besef *hoe*

hy met hulle besig is. Hy word nie moeg daarvoor nie. Dit toon sy liefde - en die Here se liefde - en hulle verantwoordelikheid. Hulle kan nie sê dat hulle nie weet wat God van hulle verwag nie. God gee groot genade aan ons deurdat Hy aan ons skryf (2 Tim. 3:16, 17), maar eis ook groot verantwoordelikheid (Openb. 22:18,19).

2:12. "*Ek skryf aan julle . . .*". By herhaling rig hy hom spesifiek tot bepaalde mense - "julle". Die nadruk lê nie op *skryf* nie, maar daarop dat hy hom met hulle besig hou. Hy bewys sy belangstelling, sy liefde vir hulle. Daarmee is hy tans besig. Dat hy hier praat van "kinders" en later van "vaders" en "jong manne", wil nie sê dat hy die groepe in die gemeente onderskei as byvoorbeeld kinders en groot mense nie. Hy praat elders van die hele gemeente as "kinders" (2:1; 3:7; 5:21). Ons kan wel aanneem dat hy by "vaders" en "jong manne" tog onderskei in ouderdomsgroepe (13,14).

"Kinders" is hier "kinders vanweë geboorte"; hier bepaald as *gebore uit God* (3:9; 4:4).

Waarom skryf hy aan hulle? ". . . omdat die sondes julle vergewe is om sy Naam ontwil." Dit benadruk hy herhaaldelik, al is dit soms in ander woorde (1:7; 2:2; 3:16, 23; 4:9, 10; 5:6, 13). Sy *Naam* is die openbaring van sy *Wese*. Sy Naam sê Wie Hy in wese is (2:1; 1:3,7).

Johannes bemoei hom nou herhaaldelik met die mense - soos die Here Hom voortdurend met ons bemoei - omdat hulle sondes vergewe is. Hulle is die Here se eiendom, gekoop deur sy bloed (1 Pet. 1:17-21). Hy het sy eiendom lief. Maar hulle is ook in besonder die skyf van die aanvalle van hul doodsvyande en hulle kan maklik struikel. Hulle moet steeds gewaarsku, vertroos en verseker word (Ps. 103:14; Matt. 26:41; Mark. 13:41; Joh. 15:5, 19; Rom. 7:23; Gal. 5:17; Ef. 6:12; 1 Thess. 3:13; 5:23).

2:13. Hier word "kinders" (van God) in twee groepe verdeel, volgens hulle leeftyd: oueres in jare en jongeres.

Waarom skryf hy aan die "vaders"? ". . . omdat julle Hom *ken* wat van die begin af is." Deur 'n lang lewe en baie ervarings en waarnemings het hulle 'n ryke kennis opgedoen. En dan gaan dit nie om *wat* hulle alles weet nie, maar *Wie* hulle goed leer ken het - hulle hemelse Vader (1:5; 2:3, 4). Daarby is egter ons Here Jesus Christus na sy ewige Goddelike Wese inbegrepe (1:1). Hulle ken God die Vader immers deur die geloof in die Here Jesus Christus (2:23; 4:2,3; 5:5; Matt. 11:27; Joh. 14:6-11).

Die belangrikste kennis op aarde is om God te ken: dit is die ewige lewe (Joh. 17:3). Dit is veel meer as blote verstandskennis. Dit is ken met die innerlike, die hele wese. Dit hou in die liefde vir die Persoon van ons hemelse Vader in Christus. Dit hou in vrees of eerbied vir die Here, maar ook kinderlike vertrouwe op Hom (*Kategismus*, Sondag 46). Uit die verband hier beteken dit ook dat hulle deur die kennis kan onderskei tussen waarheid en dwalinge (2:22).

Waarom skryf hy aan die jong manne? ". . . omdat julle die Bose oorwin het." Hulle moes 'n swaar stryd stry teen die Bose wat veg deur sy aanhangers, die dwaalleraars, en het oorwin (3:8; Ef. 6:12; vergelyk 2:18, 19). Hulle, die jong manne, moet begryp dat die duiwel agter die verleiers staan. Hulle moet op hul hoede wees, want die naam "Bose" beteken dat die duiwel 'n vernier of verwoester is, wat 'n mens in die ellende wil stort (Openb. 16:10, 11). Vanselfsprekend kan 'n mens die Bose alleen oorwin deur die krag van God (Ef. 6:11-18).

2:14. Die skrywer herhaal feitlik wat hy pas gesê het. Hy sê egter nou telkens: "*Ek het aan julle geskrywe . . .*" In die Griekse taal wil die vorm benadruk dat wat hy geskrywe het, vasstaan. Julle is nou gewis aan julle verlede en voorregte herinner. Vergeet dit nie! Julle weet dit en sal nooit kan sê dat julle nie geweet het nie. Ons het hier 'n uitdruklike inskerping van wat hy geskryf het. Hulle moet dit ter harte neem en daarvolgens optree.

Die woord wat hier deur "jong manne" vertaal word, beteken eintlik ook "kinders", maar is 'n

ander woord as "kinders" in vers 12. Eintlik gaan dit hier daarom dat hulle gelei, onderrig en opgevoed moet word. Die jong manne is "*sterk*" - dit is natuurlik en vanselfsprekend by die jeug (Spr. 20:29). Die voortreflike eienskap moet vir die regte doel aangewend word. Die Here gebruik ons jeugdige krag in sy heilige diens. Daarom moet die jeug luister na Pred. 12:1. Hulle krag lê in die Woord van God - die Woord van God wat in hulle bly (Jes. 40:30, 31). Hulle moet die Woord bewaar en daarvolgens lewe opdat hulle nie hul sterkte verloor nie (Hebr. 4:12; Ef. 6:14-17).

Vrae: 2:12-14

1. Kan ons uit hierdie gedeelte ook aflei waarom die Here sy Woord in die vorm van die Heilige Skrif aan ons gegee het?
2. Hoe blyk uit vers 12 wat ons almal gelykelyk voor God is en gelykelyk van Hom ontvang het (Rom. 5:1; 1 Joh. 3:1)?
3. Waarom is dit nodig dat die Here Hom gedurig met *gelowiges* moet bemoei deur sy Woord (12)?
4. Wat is die voorreg en verantwoordelikheid van "vaders" in die gemeente?
5. Wat is die inhoud en aard van ons geloofskennis?
6. Waarom herhaal die skrywer feitlik al wat hy pas gesê het (14)?
7. Hoe alleen kan sterk jong manne sterk bly (14; Amos 8:11-13)?

1 Joh. 2:15-17. "Moenie die wêreld liefhê nie..."

Hou vas aan God en sy openbaring; aan Christus en sy Woord, die bron van julle krag, die fontein van heil, die Middelaar tussen God en die mense (1:3, 7; 2:1, 2, 23; 5:13). Daarom, waak teen die wêreld en sy verleidinge!

2:15. Hier het ons 'n onvoorwaardelike bevel: "Moenie die wêreld liefhê . . ." Weer gebruik Johannes die sterk woord vir liefde, waarby die diepste wese van die mens betrokke is (2:10). Daarby sê die vorm van die werkwoord weer dat dit gaan om aanhou of volhard in die liefde tot die wêreld. Hier beteken "wêreld" nie die "sondige mensewêreld" nie (Joh. 16:33), maar die wêreld met sy goed en bedrywighede - "die dinge wat in die wêreld is" (Mat. 16:26; Kol. 3:2 - vergelyk ook vers 17). Dit gaan om die hele teenswoordige wêreld met al sy begeerlike dinge (1 Kor. 7:31; 2 Pet. 3:10-12). Sien ons die wêreld of die hele skepping in afhanklikheid van en in die regte verhouding tot die Skepper, is daar geen fout mee te vind nie. Word die wêreld met wat dit is en bied - los van God - egter die dinge waarop die liefde van ons hart gerig word, dan is dit afgodery. Dit maak die wêreld, wat in sigself die goeie skepping van God is, tot 'n mededinger van God. Dan sluit liefde tot die wêreld die liefde tot God uit (Jak. 4:4). Dit gaan hier ook nie alleen om die wêreld as geheel nie, maar selfs om een of meer dinge in die wêreld. Só kan geld of besittings "Mammon" word (Matt. 6:24). God het die wêreld lief (Joh. 3:16), maar om dit te reinig en te behou. Die mens word egter deur sy liefde tot die wêreld oorheers en van God vervreem (Gen. 3:6). Ja, selfs die liefde van God tot ons word teruggedring - ons weerstaan of bedroef nie alleen die Heilige Gees nie (Hand. 7:51; Ef. 4:30), maar die liefde van God is nie in so 'n mens nie (Rom. 5:5) en hy is dus geen kind van God nie.

2:16. Nou sê Johannes *waarom* dit verkeerd is om die wêreld lief te hê. Die nadruk lê op *alles* - "Alles wat in die wêreld is, . . . is nie uit die Vader nie." Dit som hy dan op in drie groepe:

1. "*die begeerlikheid van die vlees*": *begeerlikheid* beteken om na iets te verlang of te smag (Jak. 1:14, 15; Gen. 3:6; Matt. 5:27, 28; Gal. 5:16, 17). Die Bose speel op die snaar van

ons *begeertes*; die Heilige Gees eis van ons *gehoorsaamheid* aan die Woord van God, teen ons begeertes in. "*die vlees*" beteken hier die *sondige* begeerte, wat kragtens ons natuur in ons is (Rom. 5:12). Op sigself hoef 'n natuurlike begeerte nie verkeerd te wees nie. Dit is egter verkeerd indien dit God uitsluit. Die sinlike of vleeslike as sodanig mag nie die begeerte van jou hart besit buite die gemeenskap met God nie. Daarom noem die *Kategismus* ons eie vlees een van ons doodsvyande (Sondag 52, vraag 127; Rom. 7:23; Gal. 5:17). Die wortel van die sonde lê nie in die stoflike *dinge* self nie, maar in die *begeerte* in ons harte wat verkeerdlik daarop gerig is (1 Pet. 3:3). Ook is nie alleen die *sondige daad* verkeerd nie; die verkeerde begeerte is nie net wortel van die sonde nie, maar self sonde (Matt. 5:27,28).

2. "*die begeerlikheid van die oë*": hier het ons te doen met 'n soort begeerte. Deur die oë word baie mense verlei (Gen. 3:6). Die Satan probeer selfs om Jesus só te verlei (Matt. 4:8, 9). Dink aan die greep wat die televisie en skouburg op 'n mens het. Hoe word in advertensies die sinlik begeerlike dinge nie misbruik nie (Matt. 5:27-29)! Die duiwel ken sy storie.
3. "*die grootsheid van die lewe*": die woord "*grootsheid*" is in Grieks afgelei van die optrede van iemand wat op die mark sy goedere al skreeuende aanbied. Ons ken die oorheersende stem van die vendusie-afslaer. Dit beteken dan: grootpraterij, pralery, grootdoenery. *Lewe* beteken hier: *lewensmiddele*, *vermoë* (Mark. 12:44; Luk. 8:43) of *leefwyse* (1 Tim. 2:2; Luk. 8:14). Die grootdoenerige of spoggerige lewenswyse staan dan in verband met die besit van aardse goedere.

Die dinge "*is nie uit die Vader nie, maar uit die wêreld*" (Jak. 1:13-15). Toe Eva die verbode vrug begeer het, was dit nie 'n begeerte uit God nie (Gen. 3:6). Alle dinge is deur God geskape. Hy het ons ook die vermoë gegee om te begeer - die begeerte is egter sondig wanneer die dryfveer verkeerde liefde is wat ingaan teen die wil van God. *Dit is uit die wêreld* waar die Bose sy mag uitoefen (5:19). 2:17. Nou word ons oë gerig op die toekoms: "*En die wêreld gaan verby ...*" Hier word nie alleen die sondige in die wêreld bedoel nie, maar die wêreld (kosmos) in sy bestaan - die hele sigbare skepping (1 Pet. 3:10-12). Ook sy begeerlikhede gaan verby - daarmee sal bepaald die verkeerd gemotiveerde begeertes bedoel wees. In die hiernamaals sal ons begeertes alleen gerig wees op God en sy heerlikheid. Daarteenoor: ". . . maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig" (1:7, 9; 2:1, 2; 3:1; 4:9). Hier gaan dit nie om *verdiens* nie. Geen mens verdien die ewigheid deur die wil van God te doen nie, maar die geloof word uit sy vrugte geken. Is jy in Christus verlos en jou sondes vergewe, volg vanselfsprekend 'n dankbare lewe tot eer van God (Rom. 12:1; Jak. 2:14-17).

Vrae: 2:15-17

1. Sou dit ons baat om die wêreld te *ontvlug*, deur byvoorbeeld na 'n klooster te gaan, om so gevrywaar te word van die sonde in vers 15 genoem?
2. Mag 'n mens die dinge in die wêreld gebruik of geniet en, indien wel, hoe (Pred. 9:7-9)?
3. Is alle menslike begeertes op sigself verkeerd? Mag jy byvoorbeeld hoegenaamd geen begeerte na 'n vrou of 'n man hê nie?
4. Waarom werk die duiwel met soveel welslae met die menslike begeertes?
5. Waarom is die begeerlikheid van die oë so gevaarlik? Wat bedoel die Here Jesus met Matt. 5:29 ?
6. Waarom sal 'n ryke beswaarlik die koninkryk van God kan beërwe (Matt. 19:23; Mark. 10:23,24)?

7. Watter mense doen die wil van God (17)?

1 Joh. 2:18-21. Antichriste

2:18. Ernstig spreek Johannes die lesers aan: "*Kinders, dit is die laaste uur ...*" Juis dat die mense vir die wêreld lief word, en aan hulle eie begeertes vrye teuels gee, is bewys daarvan (2 Tim. 3:1-5; Openb. 22:11). Eintlik staan hier: "*dit is 'n late uur*" - dit is laat in die dag, maar nog nie die *laaste* uur nie. "Uur" dui in elk geval daarop dat dit nie lank duur nie, dan is dit die einde (1 Pet. 4:7). Dit is die gewone wyse waarop die Bybel die wederkoms van Christus of die eindoordeel voorstel. Hy kom gou (Openb. 22:20). Ons moet dit enersyds begryp in die lig van 1 Petrus 4:4-10 en andersyds 1 Thess. 5:1-4 in gedagte hou. Ons moet só lewe dat ons elke dag gereed is vir sy koms. Daarbenewens moet ons ook let op die "tekens" wat sy koms voorafgaan, waarvan die Antichris of antichriste 'n voorbeeld is (Matt. 24:32, 33). Hulle het gehoor dat die Antichris kom - waar en hoe word nie gesê nie. Dit was egter 'n deel van die apostoliese prediking (Matt. 24:5,24; 2 Thess. 2:3-5).

'n Antichris is 'n teëstander of teëspreker van Christus (2:22; 4:3). Net soos van Christus (Openb. 1:7) word ook van die Antichris gesê: "hy kom". Hy is reeds besig om te kom - die tekens daarvan is al duidelik sigbaar. Dit blyk uit: ". . . bestaan daar ook nou baie antichriste ..." Hulle is reeds daar - die voorlopers van die uiteindelige Antichris (2 Thess. 2:3, 4). Juis daarom weet die gemeente dat dit 'n late uur is. Daarmee spoor hy hulle aan tot getrouheid en waaksaamheid (Matt. 24:42-44).

2:19. Let daarop dat die woord "*ons*" vyf keer in die vers voorkom. Dit is asof Johannes dit wil inhamer. Die dwaalleraars is nie hoofsaak nie, maar die gemeente en hulle moet dit besef. Die gemeente moet bewaak en beskerm word. *Daar kan weer onder hulle sulke wolwe in skaapklere inkom* (Hand. 20:28-32). Daarteenoor staan vier keer in Grieks die woord wat ons vertaal deur "*uitgegaan*" - ons vertaal dit ook deur: "hulle was nie *van ons* nie". Eintlik wil hy beklemtoon dat die soort mense nie by die gemeente hoort nie, al is hulle uitwendige lede van die gemeente - hulle is wesenlik "*uit*" die gemeente, want hulle is buite Christus (1:6, 8; 2:4, ens.). Wat die soort dwaalleer so verskriklik maak, is dat hulle "*van ons uitgegaan het*" (Matt. 13:24-30). En ook hier geld die spreekwoord: hoe later hoe kwater. Vandag is kerk en wêreld al só verstregtel dat dit moeilik gaan om te onderskei - en dit sal nog veel erger word. Hier was gewis stryd in die gemeente wat uiteindelik tot 'n breuk gelei het. Ons kan aanneem dat die dwaalleraars of antichriste nie maklik die gemeente verlaat het nie en daar beslis teen hulle opgetree moes word (Openb. 2:2). Hulle was nie één in die geloof met die gemeente nie - daarom *moes* die breuk kom. Daardeur het hulle werklike oortuiging aan die lig getree (3:9; 4:6). Ons sou eerder die laaste sinsnede só weergee: ". . . *dat hulle almal nie van ons is nie*. Die Griekse sinsnede kan wel so bedoel wees en uit die verband is dit duidelik dat daar nie sommige van die "antichriste" is wat nog by die gemeente hoort nie.

2:20. 'n Mens kan jouself afvra: indien die gemeente *alles weet*, waarom moet hulle nog vermaan en onderrig word? Ons kyk eers na wat Johannes hier sê: "En (of *ook*) julle het die salwing van die Heilige en weet alles." Hier gaan dit om die resultaat van die salwing van die Heilige Gees (Luk. 4:18; Hand. 4:27). Om met die Heilige Gees gesalf te wees, beteken dat 'n mens die Gees met sy gawes of toerusting ontvang het. *Hy vernuut, verlig en reinig 'n mens*. Wat hulle besit, het hulle nie uit hulself nie - dit is van Bo gegee.

Hier staan egter nie die Heilige Gees nie, maar bloot: "die *Heilige*". Dit sien bepaald op Christus (Joh. 6:69; Openb. 3:7; Hand. 3:14). Hy is egter die Persoon wat mense "doop met die Heilige Gees" (Matt. 3:11; Joh. 1:33; 15:26; Hand. 1:5). ". . . en weet alles." Hier is dit beter om 'n ander lesing te volg wat ons só vertaal: "en weet *almal*." Dan gaan dit nie om 'n alomvattende kennis nie, maar dat hulle almal voldoende toegerus is met kennis.

Juis daarom is en bly dit nodig om steeds die gemeente te leer en te vermaan (Matt. 28:19; Hand. 2:42). Dit bly ons lewe lank nodig, al is ons gesalf met die Heilige Gees (Joh. 14:26). 2:21. Die gemeente ken die waarheid van die openbaring van God in Christus (1:6, 8; 2:4). Hulle ken selfs die waarheid en kan onderskei tussen waarheid en dwalinge. Hy hoef dus nie aan hulle te skryf om hulle in die opsig te leer nie. Hulle kan self onderskei en die valsheid van die leuen aanvoel. Hulle weet ook dat geen leuen uit die waarheid kan voortkom nie. Daarom hoef hy nie verder in te gaan op wat die dwalinge alles inhou nie.

Vrae: 2:18-21

1. Hoe sou u die voortdurende verwysing in die Nuwe Testament dat die Antichris en die wederkoms van Christus naby is, verklaar? Daar het sedertdien al twintig eeue verloop.
2. Beteken dit onder meer dat ons die dag van Christus se wederkoms moet kan aandui (Mark. 13:32; Matt. 24:23-27)?
3. Waaraan kan ons onself en andere beoordeel of ons wesenlik aan Christus behoort?
4. Kan ons uit vers 19 aflei dat die uiteindelijke Antichris uit die Christelike kerk sal voortkom?
5. Waarom moet 'n gemeente steeds onderrig en vermaan word?
6. Kan ons die *waarheid* ooit op aarde ten volle ken (1 Kor. 13:12)?

1 Joh. 2:22-25. Wie Jesus Christus verloën as die Seun, verloën ook die Vader

2:22. Nou pak Johannes direk en onomwonde die dwaalleer aan. Hulle is leuenaars. Wie is die leuenaars? Dit sien nie op 'n bepaalde persoon of persone by name nie (23, 26). Hy wil praat oor 'n beginsel of hoedanigheid eie aan mense. So 'n mens is die eintlike leuenaar - die groot leuenaar. Só 'n mens ontken en hou aan om te ontken dat Jesus die Christus is. Die dwaling het 'n groot ooreenkoms met die standpunt van die Jode. Die Jode sê egter Hy is nie die Christus nie - hulle verwag 'n ander een (Joh. 7:25-27; 5:43; Matt. 26:63-65). Hierdie leuenaars met wie Johannes te doen het, sê egter dat hulle volgelinge van Jesus is, maar hulle beskou Hom bloot as 'n mens, met Wie iets soos 'n Goddelike inwoning 'n tyd verenig was. Dit het op Hom neergedaal by sy doop, maar weer van Hom geskei voor sy kruisiging. Só het Jesus wel as mens gely, maar nie Christus, die Seun van God nie. Dan was Jesus nie die Seun van God nie (5:5); die Woord het nie vlees geword nie (Joh. 1:14) en Hy het Hom nie as sodanig van die begin af geopenbaar in die sigbare, tasbare verskyning as God uit God nie (1:1-3; 4:3). Hy het dan nie as God in die vlees gekom nie (4:2) en die bloed van Jesus was nie die van die Seun van God wat van alle sondes reinig nie (1:7). Dan het God nie sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur as 'n versoening vir ons sondes (4:10), as die Saligmaker van die wêreld nie (4:14). Versoening en die ewige lewe en gemeenskap met God het ons dan nie in en deur Christus nie (2:1, 2; 5:10-13). Waarom is die dinge dan ydele drome? Omdat Jesus en Christus nie een en dieselfde Persoon sou wees nie, volgens die leuenaars.

Wie daarom Christus se eenheid as Persoon met Jesus van Nasaret loën, is inderdaad 'n leuenaar. Daarteenoor staan of val ons saligheid met hierdie belydenis: Hy, Jesus van Nasaret, is God uit God en Lig uit Lig. Geen wonder nie dat die Jode Hom wou stenig toe Hy gesê het: "Ek en die Vader is een (Joh. 10:30-33). Wie leer dat Jesus en God die Vader nie een is nie, is "die antichris wat die Vader en die Seun loën." Met die verwerping van die Seun word ook die Vader verwerp (Joh. 10:30; 14:9-11). Hieruit blyk duidelik hoe gevaarlik die leer van die Jehovasgetuies is. Hulle verwerp die Godheid van Christus.

2:23. Enigeen, wie ook al, wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie. *Christus* en *Seun van God* is vir Johannes saaklik dieselfde begrippe (vergelyk 5:1 met 5:5). *Christus* sien op God se sending en salwing van sy Seun - dit wys op die werk van die Vader in die gawe van sy Seun. In en deur die Seun alleen is God ons Vader (Joh. 5:23; 14:6). Wie die Seun bely, het dus ook die Vader. Daarin moet ons getrou volhard.

2:24. In teëstelling met die dwaalleraars benadruk Johannes nou: "Wat julle van die begin af gehoor het, laat dit in julle bly" (7; 1:1,3, 5). Dit moet in hulle bly - voortdurend. Dit beveel hy onvoorwaardelik. Dit is 'n *bevel* en geen blote wens nie. En as hulle daarin bly, sal hulle ook in die Seun en die Vader bly (Joh. 15:1-4). Bly jy in die Seun, dan bly jy ook in die Vader en het deel aan sy Vaderliefde en verbly jou eindeloos daarin.

2:25. Vers 24 word daarin bekragtig dat sy belofte - die belofte van die ewige lewe - waargemaak word (Joh. 3:15, 16, 36; 6:40; 17:2, 3). Dit is die ryke en alomvattende evangelie (2 Kor. 1:20; 1 Joh. 1:9; 2:5; Joh. 6:37-40). Vir *ewige lewe* vergelyk 1:2.

Vrae: 2:2-25

1. Waarom is dit só 'n groot dwaling om te ontken dat Jesus die Christus is?
2. Hou die belydenis van Jesus as die Christus in dat Hy die Seun van God en daarom self God is?
3. Waarom noem Johannes so 'n dwaalleraar uitdruklik 'n leuenaar?
4. Wat is alles op die spel vir ons by die belydenis van Jesus Christus as die seun van God (*Kategismus*, Sondag 5, 6)?
5. Het iemand wat Jesus as Christus verloën nog deel aan die genade dat God sy Vader is?
6. Sou u op grond van hierdie uitspraak die Jehovasgetuies kon weerlê?
7. Waarom moet ons vashou aan die beloftes van die Skrif ?
8. Besit u die ewige lewe?

1 Joh. 2:26-29. "En nou, my kinders, bly in Hom"

2:26. Die vorige verse (22-25 veral) het hy geskryf met die oog op bepaalde persone en feite. Daar was alreeds dwaalleraars onder die gemeente werksaam. Hulle mislei nie alleen aanhoudend nie, dit is hulle *bestaan* - dit is wesenlik aan hulle verbind. 'n Dwaalleraar word nie moeg nie en hou aan om soos 'n wurm te knaag aan die wortel van die boom, totdat hy sterf. Of hulle in hul doel slaag, hang ook van die slagoffers af - maar veral van die genade van die Here (1:8; Matt. 24:4,5; Joh. 7:12).

2:27. Gelukkig is geen ware gelowige ongewapend nie. Die salwing van die Heilige Gees bly in hulle (2:20). Hulle het dit eenmaal ontvang, toe hulle gelowig geword het, en behou dit. *Die salwing deur Christus met die Heilige Gees kan nie weer verloor word nie* (Joh. 10:28; 14:16; Ef. 1:13, 14; Openb. 7:3,4). Die Here is getrou en vernietig nie sy eie werk nie (1:9; Openb. 3:7; 19:11). God se genadegawes en roeping is onberoulik (Rom. 11:29). Omdat hulle gesalf is, het hulle nie behoefte om gedurig geleer te word nie - hulle behoort die dwaalleer te onderken (Joh. 6:45; 1 Thess. 4:9). *Leer* beteken hier nuwe dinge of onbekende dinge bybring, soos die dwaalleraars. Dit sluit nie uit dat ons grade van kennis of insig by gelowiges self kry of dat ons steeds meer en meer moet poog om die waarheid van God beter te ken nie. Die "salwing" of gawe van die Heilige Gees gaan voort om hulle aangaande alles te leer (Joh. 14:26; 16:13). Onderrig of vermaninge word nooit oorbodig nie (Ef. 4:11-16).

Maar die onderrig moet wees volgens dit wat hulle ontvang het (1:3, 4, 10; 2:5,14,24).

Met hierdie uitspraak word alle gelowiges in beginsel gelykgestel. Voor God en die kennis van wat sy waarhede is, mag geen Roomse priester of predikant of teoloog tussen hulle en God staan nie. Elke gelowige het die Heilige Gees as Leraar. Die Heilige Gees leer Hom uit die Heilige Skrif en hy weet wat in stryd met die openbaring van God is. Ook predikante en priesters is onvoorwaardelik gebind aan die Skrif - net soos die eenvoudigste gelowige. Vanselfsprekend moet elke Christen - wie ook al - erns maak met die studie van die Skrif, want só rus die Heilige Gees ons toe met die kennis van die waarheid (Ef. 4:11-14). Die Gees leer alleen die waarheid (Joh. 14:17; 15:25; 16:13). Hy sluit die vers egter af met 'n vermaning: "soos die julle geleer het, so moet julle in Hom bly (Joh. 15:4, 7). Bly 'n mens in Christus, bly jy ook in die Vader en die Gees - maar dan bly jy ook in sy Woord, waaruit jy Hom ken en waardeer jy in lewende gemeenskap met Hom is (Joh. 6:63,68; Rom. 1:16; 1 Thess. 2:13).

2:28. Die apostel sluit hierdie deel van sy brief af met 'n vermaning waarin hy ten dele herhaal wat reeds gesê is. "Bly in Hom" (2:5, 6). Hulle moet duidelik besef waarom dit gaan - daarom die herhaalde bevel. Elke Christen moet altyd weet dat die wil van die Here heilige erns is en dat ons in 'n stryd ten bloede toe gewikkel is (Ef. 6:10-20). Hy verbind sy vermaning aan die wederkoms van Christus - in Grieks "openbaring" (Matt. 24:3, 27; 1 Thess. 3:13). Hulle is "kinders" van God en Hy kom nie vir hulle soos 'n dief in die nag nie (1 Thess. 5:4). Daarom het hulle *vrymoedigheid* om Hom in te wag - hulle bly elke dag in Hom (27). Hulle is waaragtig en gesalf met die Heilige Gees. *Openbaring* of *koms* van Christus beteken dat Hy onomsluierd, volkome sigbaar in mag en heerlijkheid sal verskyn (Matt. 25:31). *Vrymoedigheid* beteken dat hulle gereed is om Hom te ontmoet - hulle het die reg daartoe (Hebr. 10:19) op grond van die vryspraak in sy bloed. Hulle kan Hom *openlik* tegemoetgaan. "Beskaamd" beteken: tot skande gemaak (1 Pet. 4:16; Filip. 1:20). Die skande hou ook die nood van die veroordeling in - weg van Christus by sy wederkoms, want die Vader oordeel deur die Seun (Joh. 5:22; Hand. 17:31).

2:29. "As julle weet dat Hy regverdig is ..." (2:1). Hy is immers die Seun van God (2:22, 23). Wie aan Hom behoort, is soos Hy - sy werke is openbaar, want hy is uit God gebore (3:7, 9; Joh. 1:12, 13). Hy is *regverdig*, vry van sonde, heilig (1:6-2:6; 3:9, 10). Dit sluit die liefde in (2:9-11; 3:11-17), want die liefde vir ons medemens is die vrug van die geregtigheid wat ons ontvang het en bewys vir die feit dat ons uit Christus se geregtigheid leef. Die liefde is bewys dat ons uit Hom gebore is - die goeie boom dra goeie vrugte (3:9,10).

Vrae: (2:26-29)

1. Waarom is die dwaalleraars so uiters gevaarlik?
2. Wat kom alles in gedrang indien mense Christus se Godheid verwerp (vergelyk hierby *Kategismus*, Sondag 5, 6; 13 vraag 33; *Nederlandse Geloofsbelydenis*, art. 10)?
3. Is u gesalf met die Heilige Gees?
4. Ontvang u volmaakte kennis van die Heilige Gees?
5. Kan en mag alleen 'n priester of predikant die Skrif uitlê en toepas?
6. Waarom is die predikamp tog noodsaaklik?
7. Waarom moet elke gelowige die Bybel bestudeer (vergelyk veral Ef. 6:17; *Kategismus*, Sondag 25 vraag 65 met Skrifbewyse).
8. Wat moet ons doen om in Christus te bly?

9. Hoe moet ons Christus se wederkoms tegemoetsien?
10. Wat is die verband tussen Christus se regverdigheid en ons liefde vir mekaar?

1 Joh. 3:1-3. Kinders van God

3:1. "Kyk ..." Die woordjie kom dikwels voor in die Nuwe Testament. Dit wil iets benadruk: "Let op . . ." En tog sê dit hier iets meer letterliks. "Kyk" slaan terug op 1:1-3 - dit wat letterlik gesien is deur die apostels en aan die gemeente geteken is: die liefde van God in die sending van sy eniggebore Seun (Joh. 3:16). Dit word dan ook nou gesê: ". . . wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het." God se liefde is *groot* - onbegryplik groot. Sy toorn oor ons as sondaars kan 'n mens verstaan, maar sy groot liefde kan ons as mense nooit begryp nie. Dit is en bly onverdiende genade (Rom. 8:31, 32; 11:33-36; 1 Pet. 1:18-19). Dit is alles feite - onvernietigbaar en dit bly altyd geldig.

Hier word doelbewus van "*die Vader*" gepraat om die verband te lê "dat ons *kinders* van God genoem word". God het Hom in sy liefdesbetoning as *die Vader*, die *ware* Vader, *ons* Vader geopenbaar. Die Griekse woord "kinders" sien op kinders kragtens geboorte (Joh. 1:12,13; 1 Joh. 2:29). Ons is uit God gebore.

Mense is "*kinders van God*". Moenie daaroor heen lees nie! Dink daaraan *wie* ons is en *Wie God* is en dat ons aan mekaar verbind is as kinders aan hulle Vader. Dat God en sy skepsel, sy maaksel, aan mekaar verbind is, kan ons nog begryp, maar dat Hy en 'n *sondaar*, wat Hom van nature nie wil ken of liefhê nie, aan mekaar verbind is, is die openbaring van sy onbegryplike groot liefde. Die verklaring hiervoor is alleen sy eie wil - sy welbehag (Ef. 1:3-6; Rom. 5:5-8). En dink ook daaraan: God se kinders is "Koningskinders" (Ps. 99:1; 97:1).

Ons word kinders van God *genoem* - dit beteken dat ons sy kinders *is* - Hy *noem* ons só, daarom *is* dit so (Ps. 33:9). Maar ook die ander mense noem ons so (Luk. 1:35; 1 Joh. 2:12 - ons dra die *naam*, soos Jesus en is daarby bekend). Daarom moet ons ook so lewe. Die *kind van God* het 'n ander innerlike oorsprong en aard as die ander, daarom ken die mensewêreld hulle nie. Hulle *ken* nie ons wese of innerlike nie - hulle begryp ons nie. God is lig (1:5) en die kind van God "wandel in die lig" (1:7). "God is liefde" en die kind van God openbaar die liefde, daarom: 4:8-11. Dit begryp die wêreld nie, want die wêreld, hoewel die mense meen dat hulle "verlig" is, lewe in duisternis. En wat van die liefde (2 Tim. 3:1,2)?

3:2. Nou, in hierdie bedeling, is ons kinders van God. ". . . dit is nog nie *geopenbaar* wat ons sal wees nie." Dit het nog nie aan die lig gekom in die volle heerlijkheid daarvan nie (1:2; 2:28). Dit sal geopenbaar word; dit staan vas. Ons ken nou ten dele (1 Kor. 13:12; 2 Kor. 12:2-4). Dit sal egter gewis geopenbaar word (2:11, 21, 29) *kragtens die beloftes van die Here* (Matt. 19:28, 29; 25:34; Joh. 17:22-24; Filip. 3: 20, 21). Dit gebeur met die wederkoms van Christus (1 Thess. 4:16,17).

Ons sal aan *Hom gelyk wees*. Wonderlik! In liggaamlike skoonheid en heerlijkheid is ons dan net soos Hy (Filip. 3:21). Hier beteken dit nie dat ons aan sy Goddelike heerlijkheid gelyk sal wees nie, maar aan Hom as *verheerlikte mens* (Rom. 8:29; 1 Kor. 15:49). 'n Mens wat nie deel het aan die heerlijkheid nie, kan Christus se heerlijkheid nie aanskou nie (Openb. 1:17). Daarom is die aanskoue van Christus in sy verheerlikte staat die bewys dat ons aan Hom gelyk is (Joh. 5:28, 29; 1 Kor. 15:21-24; 1 Thess. 4:15-17; Filip. 3:20, 21). Die aanskoue van Jesus sal selfs nie alleen die aanskoue van Hom as verheerlikte *mens* wees nie, maar ons sal ook die heerlijkheid van God, wat van Hom uitstraal, sien (Matt. 16:27; Joh. 14:9; 12:45), hoewel ons nie daarin aan Hom gelyk kan wees nie (Openb. 5:14).

3:3. Elkeen wie ook al, wat die hoop op Hom *het*, *besit* die hoop (Rom. 5:4, 5; 8:24, 29, 30; 1

Kor. 13:13). *Die besit van die hoop is 'n blywende besit.* Elkeen wat die hoop het, "reinig homself soos Hy rein is." Die hoop op die heerlijkheid is as 't ware die prys of "beloning" waarna ons jaag (Hebr. 12:1-4). Vanselfsprekend is dit 'n genadeloon en geen verdienste nie. Dit is in der waarheid, volgens die vorm van die woord, net 'n beskrywing van *hoe* elkeen is wat op Hom hoop en geen bevel om só te wees nie (indikatief en geen imperatief nie). Dit vind inderdaad plaas - kinders van God reinig hulself. Kinders van God hoop op die gelykheid met die Here Jesus en vertoon hier op aarde al iets daarvan. Ons *is* in beginsel alreeds wat *Hy is* (Matt. 5:13,14 - vergelyk hierby Joh. 8:12 - *Hy is* en sy volgelinge *is* ook "die lig van die wêreld").

"Reinig" beteken om jou voor God te stel en om alles wat die gemeenskap met Hom verhinder, uit die weg te ruim (1 Pet. 1:22; Jak. 4:8). By die reiniging is ons self betrokke. Dit is ons verantwoordelikheid, hoewel dit 'n vrug is van die hoop wat ons deur die geboorte uit die Gees ontvang (3:24; 2:20, 27). "soos Hy rein is" beteken dat ons Hom moet navolg (1 Kor. 11:1). In Hom het ons, as lede van sy liggaam, die norm hoe om te lewe. Vanselfsprekend bereik niemand die volkome reinheid in hierdie lewe nie (Filip. 3:8-15).

Vrae: 3:1-3

1. Stem u saam met die stelling: "As daar 'n God van liefde was, sou daar nie soveel ellende in die wêreld gewees het nie"?
2. Is dit alledaags of vanselfsprekend dat u 'n kind van God is?
3. Waarom kan 'n kind van God nie anders as om aan sy wil of welbehae of uitverkiesende genade te dink nie?
4. As God jou sy kind *noem*, is jy dit dan werklik?
5. Waarom ken die wêreld ons nie?
6. Waarom weet ons nie wat ons sal wees in die heerlijkheid met Christus nie?
7. Hoe kan dit dat ons - dink daaraan - aan Christus gelyk sal wees?
8. Kan ons aan Christus gelyk wees na sy Goddelike heerlijkheid?
9. Wat bewerk die *krag* van die *hoop* op Christus se toekoms in ons?
10. Waarom stry 'n Christen vanself die goeie stryd - om homself te reinig soos Christus rein is?
11. Hoe beskou u die verhouding van die werk van Christus, deur die Heilige Gees, tot u stryd om rein te wees, en u eie verantwoordelikheid?

1 Joh. 3:4-12. Verskil tussen die kind van God en die kind van die duiwel

3:4. Hier het ons 'n verklaring van die wese van die sonde, wat die mens skuldig maak teen God. Waarom vertoon God Hom so verskriklik oor die sonde (Openb. 14:9-11)? Waarom brand sy ewige toorn teen sy geliefde eniggebore Seun, eerder as om dit ongestraf te laat bly (Joh. 12:27; Luk. 22:42, 44)? Hier het ons die antwoord op die soort vrae.

Elkeen - sonder uitsondering - wat die *sonde* doen, doen ook die *wetteloosheid*. Hier gaan dit nie maar om die een of ander sonde of wetteloosheid nie, maar om die *wese* daarvan. Waarom? Want die sonde *is* wetteloosheid. Wie hier ter sprake is, maak geen verskil nie - al sê hy ook dat Hy God ken (2:4), dat hy in die lig is (2:9), dat hy gemeenskap met God het (1:6). Al is hy hoog bevoorreg en begaaf - al kan hy selfs profeteer en kragte doen (Matt. 7:21-23) - dit alles is hier nie ter sake nie. Doen hy *sonde*, dan doen hy die *wetteloosheid*. Dit

gaan hier teen die vervlakking van die skuldbesef of die wettelose karakter van die sonde. Sonde is en bly wetteloosheid - of dit "groot" of "klein", "mooi" of "lelik" is.

Die woord *sonde* beteken dat jy *die doel mis*. Mense mag dan dink dat dit nie so erg is nie. Jy het gestruikel of nie doeltbewus teen die wet van God gehandel nie. "Ons is almal maar sondaars en kan nie anders nie" - die uitspraak ken ons.

Wetteloosheid beteken dat iets *ingaan teen*, of *afwyk van* of *los van die wet van God is* (1 Kor. 9:21; Rom. 2:12; Matt. 7:23; 2 Kor. 6:14; 2 Thess. 2:8). Sonde maak jou dus *skuldig* teen *die wet van God* en jy *verdien sy oordeel* - jy het geen verontskuldiging nie. Daarom kan 'n kind van God nie aanhou om sonde te doen nie. Dit is in werklikheid vyandskap teen God (Rom. 8:7). Meet al u dade en woorde en gedagtes aan die wet van God - dit is ons maatstaf {*Kategismus*, Sondag 2}.

3:5. Daarom het Christus in die wêreld gekom (1:1-3; 2:6; 4:2, 3). Hy het gekom "om die sondes weg te neem" beteken: *om die skuld van die sonde teen die wet weg te neem*. Hy het die straf teen die sonde gedra (1:7, 9; 2:2; 3:16). God het sy eniggebore Seun oorgegee (Rom. 8:32) en Jesus het Homself gegee (Joh. 10:15, 17, 18). Waarom doen die Vader en die Seun dit? Omdat die sonde wetteloosheid is en *gestraf moet word* met die regverdige oordeel van God. Alleen Jesus kon dit doen, *omdat geen sonde in Hom is nie* (2:1; Joh. 8:46; Hebr. 4:15; 7:26). In Hom is geen sonde, van watter aard of in watter opsig ook al nie. Hy is nie ter wille van sy eie sonde gekruisig nie, maar om ons skuld te dra (Jes. 53:5).

3:6. "Elkeen wat in Hom bly" is elkeen sonder uitsondering (2:6, 24). " ... in Hom bly" beteken dat jy *voortdurend* in Hom bly - nie af en toe nie, maar altyd. Jy beoefen ware *lewensgemeenskap* met Hom. ". . . sondig nie" wil sê dat jy nie aanhou om te sondig nie. Die teenwoordige tyd van die Griekse werkwoord wil benadruk dat jy dit aanhoudend, volhardend doen. Die gelowige struikel wel, maar bly nie in die sonde lê nie (2:1; 1:8; Rom. 7:17-24). "Sondig" beteken dus hier dat sonde jou *lewenswyse* is en jy nie daarmee wil breek of ten bloede daarteen stry nie (Hebr. 12:4).

Net so beteken "Elkeen wat sondig . . ." dat só 'n mens die sonde voortsit, daarin *volhard*, hy wil hom nie bekeer nie (Luk. 13:24). Hy "het Hom nie gesien en Hom nie geken nie" (Joh. 6:40; 14:9). 'n Mens sien Hom in die geloof (Hebr. 11:1) en dan ken jy sy Wese en jy ken met die liefde van jou hart - dit is dan ware lewensgemeenskap met Hom. Dan kan jy nie aanhou om in sonde te leef nie (3).

3:7. Die apostel weet dat hy teëgespreek sal word - nie deur die gemeente nie, maar deur die wrede wolwe wat hulle wil mislei. Hulle liberale opvatting was aan die gemeente bekend - hulle probeer om verwarring te stig - daarom spreek hy hulle weer liefdevol aan as "My kinders ..." (2:1, 12). Hy herhaal sy vorige uitspraak nog skerper: " . . . laat niemand julle mislei nie . . ." Die uitdrukking dui selfs aan dat daar invloedryke persone is wat probeer om hulle te mislei. Maar wie hulle ook al is, hy, Johannes, *beveel* hulle, die gemeente, om dit nie toe te laat nie (1:8; 2:27). "wie regverdig is" (2:4; 3:22), volg Christus - doen soos Hy gedoen het. Hulle doen God se wil en wat Hom welbehaaglik is. Dit sluit selfs meer in as wat ons met *reg doen* bedoel - dit sluit ook liefdesbewyse en barmhartige dade in (11, 16) en selfs dat jy self onreg moet kan ly (1 Kor. 6:7). Dan doen hulle soos Christus gedoen het - hulle is "regverdig soos Hy regverdig is" (2:1, 6, 29; 3:5; Matt. 16:24; Joh. 14:15).

3:8. Die sonde is goedgepraat, is nie as wetteloosheid - teen die wet van God - beskou nie (4). Maar, sê Johannes, *elkeen* wat die sonde doen, of *volhard in 'n sondelewe*, "is uit die duiwel". Hy behoort by hom en is die kind van die duiwel. Die naam *duiwel* beteken "lasteraar" (2 Tim. 3:2; Titus 2:3; Joh. 8:44; Hand. 13:10; 1 Kor. 10:20, 21; Ef. 6:11; 1 Pet. 5:8). Hy sondig van die begin af (Gen. 3:1-6). Daarom is die oorsprong van alle sonde uit hom - hy is die

bron van sonde (Joh. 8:44). Hy sondig altyd - deurentyd - sy bestaan is nooit anders nie. Dan is hy die aanvang en voortdurende bewerker van sonde. Juis daarom het die Seun van God verskyn, *om die werke van die duiwel te verbreek*. Tussen Hom en die duiwel was daar 'n *persoonlike stryd* (Matt. 4:1-11; 12:24-28). Hy breek die duiwel se werke af - Hy verniel dit en doen daarmee weg. Die duiwel se werke is die sonde - dit doen hy bewustelik gedryf deur die begeerte van haat teen God en sy koninkryk (Luk. 22:31; Openb. 12:12). Dat Christus hom oorwin het en sy werke verbreek, blyk uit Openb. 12:9; Luk. 10:18 (vergelyk *Kom, Here Jesus!* deur skrywer hiervan, waarin breedvoerig gehandel word oor die duiwel en die oorwinning van Christus oor hom, ble. 209-219; 323 e.v.).

3:9. "Elkeen wat uit God gebore is . . ." (Joh. 1:12, 13; 1 Joh. 2:29) " . . . doen geen sonde nie . . ." Weer beteken dit: hy leef nie in sonde of volhard daarin nie (3:6). Hy mag wel in sonde val (2:1), maar hy *wil* nie die sonde nie (Rom. 7:17).

" . . . omdat sy saad in hom is . . ." beteken hier dat die lewensbeginsel van God in hom is deur die wedergeboorte (1 Pet. 1:3, 23). " . . . en hy kan nie sondig nie", kan ons vertolk as: hy kan nie *aanhou* om te sondig nie (Joh. 8:11). Eintlik vertolk Paulus die lewe van die wat uit God gebore is, baie treffend in 2 Tim. 4:7.

3:10. Uit wat hy gesê het, trek Johannes nou 'n konklusie. Hy onderskei kinders van God van kinders van die duiwel. Maar dan benadruk hy alleen die kentekens van die kinders van die duiwel, as 'n waarskuwing en spieël vir die kinders van God. Hulle doen nie die geregtigheid nie (4, 7; 2:29). Hulle is nie uit God of uit God gebore nie, al maak hulle daarop aanspraak (Matt. 7:21-23; 12:33-35). Van alle ongeregtigheid word een spesiaal genoem: *hy wat sy broer nie liefhet nie*. Blykbaar was dit die groot sonde van die dwaalleraars. Dink aan die ryk jong man (Mark. 10:21, 22) en aan die vraag van die Fariseër by die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Luk. 10:25-29). Hoe maklik vind 'n mens 'n verskoning wanneer dit gaan om naasteliefde!

3:11. Weer kom hy by die *ou en nuwe* gebod (2:7, 8; Joh. 13:34, 35; Matt. 22:39 - sien ook Deut. 5:16-21). Hy lê baie nadruk op *die praktyk van die broederliefde* (vers 15-19, 23, ens.). Ons moet egter nie op die spoor van die hedendaagse teologie afdwaal nie. Hulle verkondig liefde tot die medemens - "medemenslikheid" - *sonder die liefde tot God*. Dit is baie duidelik in stryd met Matt. 22:37-40. Daarbenewens maak hulle van medemenslikheid 'n karikatuur van die Bybelse begrip *naasteliefde*. Dit word meer en meer gevul met die duiwelse Marxistiese begrip waarby geweld en selfs moord ingesluit is. Hieruit blyk die misleiding en lis van die duiwel.

3:12. Teenoor die positiewe gebod van die liefde, noem hy nou die voorbeeld van Kain - die hater en moordenaar van sy broer Abel. Dit kan die "kerke" in die Wêreldraad van Kerke, wat moordenaars van geld voorsien, gerus ter harte neem. Kain was uit die Bose - 'n kind van die duiwel - soos elke mens wat onskuldiges vermoor. Onthou die Bose (2:13, 14). En waarom het hy hom doodgeslaan? Eintlik staan hier dat hy hom *geslag* het soos 'n mens 'n dier slag (Openb. 5:9; 6:4, 9; 13:3). Mense word deesdae letterlik soos diere *geslag* of uitgewis of "*gelikwideer*" - om 'n tipies Marxistiese uitdrukking te gebruik. Die oorsaak van die soort *slagting* lê egter nie by die *geslagtes* (Abel) nie, maar by die *slagters*. Kain se werke was boos - hy het geleef uit die Bose - voortdurend (Gen. 4:6-12). Aan die ander kant het Abel geen aanleiding daartoe gegee nie. Hy was regverdig - hy het uit die geloof gelewe (Hebr. 11:4). Ja, ons tyd bewaarheid meer en meer wat ons lees in Openb. 13:7.

Vrae: 3:4-12

1. Waarom is God só verskriklik teen die sonde vertoorn?
2. Wat is die *wese* van sonde?

3. Waaraan kan 'n skynheilige uitgeken word?
4. Is dit 'n geldige verskoning om te sê: "Ons is tog maar almal sondaars"?
5. Wat beteken dit dat Christus gekom het om die sondes *weg te neem*?
6. Waarom *moes* Jesus ly ?
7. Beteken 3:6 dat elkeen wat in Christus bly hoegenaamd geen sonde doen nie?
8. Wat is die verskil tussen: in *sonde val* en in *sonde volhard*? Wat is die verskil tussen 'n *bekeerde* en *onbekeerde sondaar*?
9. Hoe weet u dat u uit God gebore is (3:9)?
10. Is u van harte geneig tot naasteliefde?
11. Wat dink u van die moderne begrip: "medemenslikheid"?
12. Is die kreet van die Franse Rewolusie: "Vryheid, gelykheid en broederskap" 'n Bybelse begrip?
13. Waarom lê Johannes so sterk nadruk op die naasteliefde?
14. Waarom het Kain vir Abel doodgeslaan? Word *terroriste*, wat onskuldige vroue en kinders en sendelinge vermoor, deur 'n ander dryfveer aangevuur?

1 Joh. 3:13-17. Dooies word lewendig en het mekaar lief

3:13. "Hou op om julle te verwonder . . ." Ja, die mense kan nie begryp waarom die wêreld hulle haat nie. Nou beveel Johannes hulle om dit nie as vreemd te beskou nie. Dit is nie vreemd nie (Joh. 15:20,21). Johannes verduidelik verder waarom dit só is.

3:14. "Ons weet. . ." staan voorop met nadruk. Dit spreek van geloofsekerheid. Ons weet dat ons lewe, teenoor die wêreld wat nog in die dood is. Ons het oorgegaan uit die dood tot die lewe (Joh. 5:24; Ef. 2:1-7). Daarmee erken "*ons*" ook dat ons dood was, werklik dood, geestelik dood en op pad na die ewige dood of tweede dood (Openb. 20:6, 14). Daarteenoor het "*ons*" nou die lewe, die ware lewe, die onverganklike lewe of ewige lewe, waarvoor geen dood enige mag het nie (Joh. 11:24, 25). Ja, "ons" lewe klaar, soos 'n kind wat werklik lewe nadat hy gebore is (Joh. 1:12,13).

Waarom weet "ons" dit só seker? ". . . omdat ons die broeders liefhet". Die liefde is nie maar gerig op bepaalde uitgesoekte geliefdes nie, maar op "die broeders" - almal sonder uitsondering, omdat hulle "broeders" is - ook uit God gebore, wie hulle ook al mag wees (Joh. 13:35). Dit is die onmiskenbare kentekens dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe. Liefde is ons lewensbeginsel. Die wat uit God is, voel hulle verwant aan die andere wat uit God is - hulle is broers en susters al het hulle mekaar vroeër nie eens geken nie.

"Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die dood" (2:11; Ef.2:2,3).

3:15. Die Heilige Skrif is radikaal. Jy leef uit die wortel van die liefde of uit die wortel van die haat. 'n Tussenweg is nie moontlik nie (3, 4, 6, 9, 10; 2:11). Daar is wel grade van liefde en haat, maar in beginsel leef elke ongelowige in die dood en is die wortel van sy bestaan haat (Joh. 8:44; Matt. 5:21, 22). Daarom is elke mens buite Christus 'n moordenaar, wat hy ook al sê of doen. Hy het die ware lewe nie en daarom weet hy nie wat liefde is nie. Geen enkele moordenaar het die lewe as iets blywends in hom nie. ". . . (dit) weet julle ..." sê Johannes. Hulle weet dit uit die Skrif (Gen. 9:5, 6; Ex. 21:12; Num. 35:16, 19-21). Dat hulle die ewige lewe nie as *iets blywends* in hulle het nie, wil nie sê dat hulle dit enigsins kan besit of besit het nie. Nee, waar die *blywende lewe* nie is nie, is glad geen lewe nie (2:6, 7, 10, 11,

19). Sy uiteinde is die ewige dood (Openb. 20:15).

3:16. Waaruit ken ons die liefde? Die Griekse woord vir *liefde* dui hier weer die egte, ware liefde in sy ware karakter aan. Uit die beoefening van die bepaalde liefde weet ons dat dit die ware liefde is. Dinge wat mense in ons tyd "liefde" noem, is nie hiermee vergelykbaar nie - dit is gewoonlik sentimenteel, eroties en selfgesentreerd. Daarom is almal wat die egte soort liefde nie ken nie, nog in die dood - hulle wortel is die haat.

Die ware liefde ken ons alleen uit die liefdesdaad van Christus, "dat Hy sy lewe vir ons afgelê het" (Joh. 10:15, 17; 15:13). Eintlik staan hier dat Hy sy *psigé* (siel) vir ons gegee het. Dit is sy ganse persoon, na liggaam en siel, met al sy kragte en gawes. Hy was nie maar 'n passiewe slagoffer nie, maar het Homself geheel gegee - dit is die ware liefde. Die woord "siel" in die verband sê *meer as lewe* (Luk. 10:27; Matt. 10:39; 12:18; Ef. 6:5,6).

Soos Hy, moet ook ons gewillig en van harte ons lewe (*psigé*) vir die broeders aflê. Dit beteken nie dat ons juis, soos Hy, moet sterwe vir ons medemens nie. Ons sal in elk geval nie vir iemand kan sterf, indien ons onwillig is om nou al vir hom te lewe nie. Soos 'n mens in jou lewe is, só sterf jy ook.

3:17. Hier blyk die waarheid van wat so pas gesê is. Uit die praktiese optrede blyk die gesindheid van ons hart, soos wanneer mens sekere lewensmiddele het en iemand sien gebrek ly maar tog jou innerlike vir hom sluit. Eintlik staan hier "*ingewande*" (2 Kor. 6:12). Dit word ook vertaal deur erbarming of ontferming (Kol. 3:12) en voorts deur die hart of liefde (Filemon 7, 12, 20). Jou innerlike dryf of verhinder om te help - die oorsprong van die daad is in jou diepste innerlike - jou wese. Daarom is dit 'n duidelike bewys van gebrek aan die liefde van God. Só het Christus nie gedoen nie (16).

Vrae: 3:13-17

1. Waarom is dit nie vreemd indien 'n Christen gehaat word nie?
2. Wat beteken *geestelike* dood en wat is *ewige* dood?
3. Is u verseker dat u uit God lewe? Waaraan weet u dit?
4. Is dit waar dat elke ongelowige sy naaste haat? Waarom?
5. Is elke ongelowige 'n moordenaar?
6. Waaruit ken ons die ware liefde in sy wese?
7. Wat beteken *lewe* of *siel* in vers 16?
8. Wat beteken dit dat ons ons lewe vir ons naaste moet gee of aflê?
9. Waaruit blyk die innerlike liefde (17)?

1 Joh. 3:18-24. Rus in God

3:18. Weer spreek Johannes die gemeente liefdevol en intiem aan: "My kinders . . ." (2:12). "... laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie . . ." Hy sluit homself nou weer in by sy argument. Alle Christene - ook die skrywer - is hierby betrokke. Weer gaan dit om aanhoudend, volhardend, liefhê, nie bloot met die mond - woorde of die tong - waarby die hart en die daad nie betrokke is nie. Van nature heers die sonde van die onware liefdesbetuiging vir mense. Pasop, breek daarmee! Vriendelike woorde is op sigself nie verkeerd nie, maar ons mag nie daarby bly nie - dit moet kom tot die daad: ". . . maar met die daad en in waarheid" (Jak. 1:22; 2:15-17).

3:19. Rus in God of in die waarheid is die wonderlike vrug van die ware liefdesbetoon (Matt.

11:28-30). Dit is nie alleen die kenmerk van die ware gemeenskap van Christus nie, maar bring jou hart, wat onrustig is vanweë skuld en kleingeloof, tot rus. Geloofsekerheid is tog die groot behoefte by die kind van God. 'n Mens wat sy Christenskap beoefen deur liefde met die daad te bewys, weet dat hy in die waarheid is. Hy word van sy geloof deur die vrugte verseker (*Kategismus*, Sondag 32 vraag 86). Die sekerheid rus ook nie in *ons* goeie werke nie, maar omdat ons daarin die werke van die Heilige Gees sien - ondanks onself (24). "in die waarheid" beteken hier nie ons eie persoonlike opregtheid nie, maar die waarheid geopenbaar in God se Woord. Dit is sy wil wat ons objektief, buite onself, besit.

". . . en ons sal ons harte voor Hom gerusstel . . ." Ons leef nie alleen elke dag voor Hom of sy aangesig nie, maar Hy beoordeel ons ook en sal uiteindelik oordeel of veroordeel as Regter. Daarom is dit die belangrikste saak ter wêreld (Matt. 5:16; 10:32). *Sien 'n mens die vrugte van die Gees in jou dade, dan het jy self innerlike rus - selfs voor die hoë God.* God het ons geskape na sy beeld en sy gelykenis. Dit hou in dat Hy ons geskape het om ons ware vreugde in sy diens te vind - dit is waartoe ons gemaak is.

En kom 'n mens nou in beginsel daartoe - is jy 'n dader van die Woord vir wie sy diens 'n lewensbeginsel is - dan beleef jy in beginsel weer waarvoor Hy jou bestem het. Daarom het jy die onuitspreeklike rus in jou innerlike. Dit is selfs geen loon of beloning nie, maar bloot die gevolg of vrug van jou nuwe lewe (Joh. 15:7,16,17; Ps.27:8).

3:20. "Want as ons hart ons veroordeel..." kan ons só verstaan: *Waarvan ons hart ons ook al beskuldig . . .* Die gelowige se hart of gewete het alle rede om hom altyd te beskuldig - die duiwel werk ook saam om ons skuldgevoel op te blaas tot wanhoop (*Kategismus*, Sondag 23 vraag 60; Rom. 3:9; 7:23). Vir ons rus voor die aangesig van God kan ons ons derhalwe nie op ons eie hart of gewete beroep nie. En tog het ons die rus dat ons uit God gebore is - God is meer as ons hart en Hy weet alles (Joh. 21:17). Let daarop hoe Petrus hom, teen die beskuldiging van sy eie hart in, op die Here se alwetendheid beroep.

Dit is belangrik om weer te benadruk dat ons hart ons *voortdurend* - aanhou - beskuldig volgens die vorm van die Griekse werkwoord. Solank ons op aarde is, het ons hart altyd rede om ons te beskuldig, want ons is onvolkome en ons beste werke is met sondes besmet (Jes. 64:6 - dink ook aan Jesaja self by sy roeping 6:5; *Kategismus*, Sondag 24 vraag 62; 44 vraag 114). Dit maak ons klein, maar gelukkig neem dit ons sekerheid nie weg nie, want die feit dat ons lewensbeginsel die liefde met die daad is, is sy werk in ons - al bly dit onvolkome en swak.

God is meer as ons hart en Hy weet alles. Hy ken ons hart en die fynste trillinge van die snare van ons siel. Hierdie dinge is vir ons "trooskennis". Dit is goed om indringend te kyk na Sondag I van die *Kategismus* en veral die drie dinge wat nodig is om getroos te kan wees (in vraag 2) in alle erns in u lewe na te speur en toe te pas. 'n Wesenlike deel van die werk van die Heilige Gees is om ons sondebeseft wakker te hou (Joh. 16:8) en ons aan die voete van Jesus te hou, maar ons dan ook tot die vrugte van dankbaarheid, die vrugte van die Gees, te bring (Gal. 5:22). Daarom het ons ondanks die veroordeling van ons eie harte die rus in God wat alles weet. Ons sien dat die Gees ons lewend hou. Ons lewensbeginsel is die waarheid van God se woord.

3:21. "Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God." Hierdie uitspraak weerspreek nie wat ons pas gehoor het nie. Enersyds het ons vrymoedigheid teenoor God, omdat ons sondes in Christus vergewe is, sondes wat ons van harte erken en bely (1:7; 2:2). Ons is geregverdig en het vrede met God (Rom. 5:1). Ons kan dan, hoewel ootmoedig, tog met vrymoedigheid nader tot God en met Hom omgaan, hoewel Hy hoog en heilig is (Jes. 57:15). Nie alleen ons aardse nood en sorg kan ons aan Hom

voorlê nie, maar ook die dinge waaroor ons eie hart ons aankla.

3:22. "en wat ons ook al *bid*" beteken nie alleen dat ons iets van Hom begeer nie, maar ernstig en dringend bid, met heilige aandrang. Hier word ook bedoel die bestendige en aanhoudende gebed (1 Thess. 5:17).

". . . ontvang ons van Hom . . ." (Luk. 11:13; Matt. 7:7, 8; Joh. 15:7). God verhoor gebede - soms wel anders as wat ons verwag, soms egter nie (Jak. 4:3). Hoe moet die ware gebed daar uitsien (*Kategismus*, Sondag 45 vraag 117)?

"omdat ons sy gebooe bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom". God verhoor nie ons gebede op grond van ons mooi en voorbeeldige lewe nie, maar alleen ter wille van sy Naam en die verdienste van Christus (Eseg. 36:22; Hand. 10:43; Joh. 14:13; 15:16; 16:23, 24, 26). Leef ons egter volgens sy wil, dan leef ons in Hom - in die kring van sy genade - en dan is 'n deel van sy genade dat ons gebede verhoor word.

3:23. Let daarop hoe treffend sy gebod en ook sy genade is: Glo in Christus en bewys liefde vir mekaar. "Glo" is die eerste gebod wat Johannes hier noem. Dit is in werklikheid die samevatting van al sy gebooe - sy gebooe is net een gebod (Deut. 10:12; Matt. 22:37-40; Rom. 13:9). Christus het die gebooe in ons plek vervul: Daarom is die geloof in Hom vir ons die vervulling van die gebod van die Here. As ons daarby bedink dat selfs die geloof 'n gawe van God is, is dit alles genade (Ef. 2:8). Daaruit vloei vanself voort dat ons mekaar liefhet omdat Christus sy liefde vir ons bewys het (16).

3:24. 'n Mens dink by verse 22 en 24 onwillekeurig aan Joh. 15:6, 10. Ja, Johannes het self die woorde van die Here opgeskryf en daarom onthou hy dit só goed. Op geen ander manier kan ons in die Here bly as deur aan sy wil gehoorsaam te wees nie. Dit is 'n blywende gemeenskap en 'n blywende gehoorsaamheid - volhard in die goeie stryd.

En ons weet dat Hy in ons bly "aan die Gees wat Hy ons gegee het" (Rom. 8:14-16). Die Gees gee ons die nuwe geboorte en maak ons gehoorsaam, heilig ons meer en meer, troos en gee blydskap. En Hy dryf ons uit na ons medemens om ware liefde te bewys. Nie aan ons nie, Here, maar aan U kom al die eer toe.

Vrae: 3:18-24

1. Waarom tref ons vandag selfs onder "Christene" die verskynsel so wydverspreid aan dat mense nie betrokke wil wees by andere se probleme nie?
2. Waarom bring ware liefdesbetoning aan andere vir ons gemoedsrus en geloof sekerheid?
3. Ken u die rus vir u siel waarvan Jesus praat in Matt. 11:29 ?
4. Waarom praat Johannes van die voortdurende veroordeling van onself deur ons eie harte - al glo ons waarlik?
5. Waaraan is ons geloof geanker, sodat ons sekerheid kan hê?
6. Watter drie dinge moet elke Christen weet - en beleef - om verseker te wees dat die Heilige Gees in hom werk?
7. Hoe kom ons daarby dat ons eie harte ons nie veroordeel nie - al is ons nog sondaars?
8. Op watter grond word ons gebede verhoor?
9. Wat moet u doen om in die Here te bly?

1 Joh. 4:1-6. Beproof die geeste!

4:1. In 3:24 is die Gees van God genoem - ook omdat Johannes wil praat oor *ander geeste*, wat nie uit God is nie. "Geliefdes, glo nie elke gees nie . . ." In wat enige mens sê, praat 'n gees. In die gelowige is die Gees van God aan die woord (2:2; 3:24; 5:6). In ander mense is dit die gees van die duiwels. Daarom die skerp vermanende waarskuwing - 'n waarskuwing wat altyd geld want die duiwels is altyd besig. 'n Gees word geken aan wat hy sê en die kind van God moet leer om te onderskei. "Maar stel die geeste op die *proef* of hulle uit God is (1 Kor. 3:13; 1 Thess. 2:4; 1 Pet. 1:7)! Ondersoek dit, keur dit en toets dit aan die waarheid van die Woord van God. Daar is baie valse profete in die wêreld (Matt. 24:24; 2 Tim. 4:3, 4). *Hulle gaan uit* in die wêreld om mense te verlei en te verwar - hulle doen dit wyd en syd. Ons maatstaf om die geeste mee te toets, is die waarheid - dit is die Woord van God, want dit is waardeur die Heilige Gees met ons praat (Hebr. 1:1; 2 Pet. 1:21). Daarom is dit só bitter noodsaaklik om die Bybel te ken, want daar is baie geeste werksaam in die wêreld - selfs in die Naam van Christus (Matt. 7:15, 21-23) - wat daarop uit is om ons los te ruk van die geloof in Christus.

4:2. Hier gee Johannes die maatstaf waaraan die *Gees van God* geken kan word: uit wat mense leer. Mense in wie Hy woon, het 'n bepaalde belydenis: *Jesus Christus het in die vlees gekom*. Let daarop dat Hy *Jesus Christus* genoem word. Sy Persoonsnaam is *Jesus*, sy ampsnaam is *Christus*. Dit sien dan op sy waardigheid en hoedanigheid. "in die vlees gekom." dui aan dat Hy van elders gekom het (Joh. 1:1-3, 14; Luk. 1:30-35). Hy kom nie *uit* die vlees of die mens nie, maar Hy kom *in* die vlees of die mens. Hy omgewe of beklee Hom met die menslike vlees. In die oorspronklike Grieks ontbreek selfs die lidwoord "die" - daar staan bloot "vlees" om die *hoedanigheid* te benadruk. Hy het inderdaad werklik die menslike natuur aangeneem - Hy, die Seun van God (Hebr. 4:14, 15; Joh. 1:14). Hier word nie bloot die aandag gevestig op die geskiedkundige feit van Jesus se geboorte nie, maar daarop dat Hy werklik die menslike natuur aangeneem het - Hy is God en mens in die eenheid van sy Persoon. Dit is die Bybelse waarheid. Daarom is die gees wat so bely uit God. Dié méns praat inderdaad deur die verligting van die Heilige Gees.

4:3. Hierteenoor stel Johannes nou die valse geeste - die mense wat deur die leuengees of duiwel voorgesê word. Dit is die mense wat *nie bely* dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Let nou daarop dat dwaalleraars - ook die wat Johannes in die oog het - onderskei tussen *Jesus* en *Christus*. Hulle maak Christus of die Seun van God los van Jesus. Volgens hulle is die mens Jesus wel gekruisig, maar nie Christus die Seun van God nie (2:22; 5:1, 5, 6). Nee, die Jesus wat in Betlehem gebore is, is ook die Christus, die Seun van God en Hy is dieselfde Persoon wat aan die kruis gesterf het. Wie Jesus nie bely as die Christus, die Seun van God nie, is *nie uit God nie*. In hom is die gees van die Antichris (2:4, 18, 19). Let daarop dat Johannes praat van die "gees van *die* Antichris" - hy is dus 'n bepaalde persoon. Hy sal eenmaal in persoon kom, maar sy *gees* is reeds werksaam in die wêreld. Die gemeente het al gehoor dat hy kom - dit is aan hulle verkondig. "Kom" dui daarop dat hy al besig is om te kom (2 Thess. 2:3, 4, 5); "en hy is reeds nou al in die wêreld" (2:18, 22). Sy gees of geeste is reeds werksaam in die wêreld deur die eeue heen. Dit is ook die bewys dat hy kom. Hy is besig om te kom en eenmaal sal hy in vlees en bloed verskyn as die "vleeswording" van die Satan (Openb. 13:1-10).

4:4. Pragtig en troosryk is hierdie vers. Die Antichris en sy voorlopers is magtig, maar die waarborg van die oorwinning is vir die kinders van God in God self geleë.

"Julle is uit God en weet alles . . ." (2:1, 12, 28; 3:7, 18). " ... en het hulle oorwin ..." In hulle midde was die dwaalleraars wat deur die gemeente oorwin is (2, 13, 14, 19). Hulle het die geeste op die proef gestel en getoets aan die waarheid (Joh. 10:5) en die dwaalleraars wou

hulle nie bekeer nie en het die gemeente verlaat (2:19). Die oorwinning was egter nie hulle eie werk nie, maar God se werk - "Hy wat in julle is" (vers 2; 3:24). God is sterker "as hy wat in die wêreld is" (3:8; Joh. 12:31). Uiteindelik sal die duiwel en die Antichris ook maar net kan doen wat hulle toegelaat word (Openb. 13:7 - "dit is aan hom gegee"; Openb. 20:1-10).

4:5. Dit is die persone in vers 4 genoem wat hier bedoel word. "Hulle is uit die wêreld" (Joh. 15:19). Die gemeente weet *wie* hulle is. "Uit die wêreld" beteken hier dat hulle innerlike en optrede geheel bepaal word deur wat in die wêreld is - in wat hulle praat en doen en laat, is die wêreld alleen hulle maatstaf. Die openbaring van God is nie hulle beginsel of maatstaf nie (1 Kor. 2:12-15). Dit hou ook in dat hulle hulle in hul gesprekke besig hou met allerlei sonde en onreinheid (Ef. 5:3). Daarom luister die wêreld na hulle (Joh. 8:47).

4:6. In teëstelling met die voorafgaande vers, is dit anders met die wat uit God is. "Ons" is allereers die apostels en dan ook almal wat in Christus glo en Hom bely (2). " ... hy wat God ken, luister na ons . . ." Dit is belangrik (2:4, 13). Die wat God ken, ken Hom uit sy Woord, maar ook uit ervaring deur in Hom te lewe. Daarom herken hulle die prediking wat uit God is. Hulle "luister na ons" (die apostels en andere wat die Woord verkondig as mense wat uit God is).

" . . . hy wat nie uit God is nie, luister nie na ons nie . . ." (Joh. 6:60-69 - daar sien ons duidelik die onderskeid; Joh. 10:24-27).

Die konklusie is: "Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling" (2, 3). "Waarheid" is die waarheid geopenbaar in Jesus Christus wat in die vlees gekom het (1:6; 2:4, 21; 3:19). Dit is 'n volstreekte en objektiewe waarheid (Joh. 14:6). "Die gees van dwaling" moet ons begryp in sy verskriklikste betekenis, wat ook die oordeel van die ewige verloreheid ten gevolge het. Só is die Gees van God (Joh. 14:17; 16:13) teenoor die gees van dwaling (Joh. 8:44).

Vrae: 4:1-6

1. Waarom moet ons die geeste op die proef stel?
2. Wat bedoel Johannes hier met geeste?
3. Wat bedoel die skrywer met: "Jesus Christus het in die vlees gekom"?
4. In wie is die gees van die Antichris en waarom?
5. Hoe kan die gees van die Antichris destyds al in mense gewees het, indien hy nog moet kom as persoon?
6. Waarom moet ons nie bang wees vir die Antichris nie (4:4)?
7. Wat beteken dit dat ons "*in* die wêreld maar nie *van* die wêreld" is nie?
8. Wie luister na die Woord van God en wie nie?
9. Hoe ken ons die waarheid uit die reaksie van mense?

1 Joh. 4:7-16. God is liefde - hy wat in die liefde bly, bly in God en God in hom

In die gawe van Jesus Christus, sy eniggebore Seun wat in die vlees gekom het, openbaar God sy onbegryplike liefde. Bely enigiemand dat Jesus Christus in die vlees gekom het, kan dit dus nie anders nie as dat hy uit die liefde van God is en daarom sy medemens liefhet. Só is Johannes steeds besig om ons in te lei en op te wek in die geheimenis en praktyk van die liefde.

4:7. Laat ons mekaar liefhê - *voortdurend* sê die werkwoordstyd. Waarom? Omdat die ware

liefde - wat inderdaad liefde genoem kan word - uit God is. Hy alleen is die Bron daarvan (2:10; 3:3, 6, 9, 16 - só leef ons uit die Bron wanneer ons mekaar liefhet). ". . . elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God." Vanselfsprekend gaan dit hier nie om menslike geneetheid nie, maar om ware liefde wat standhou en uitgelewe word - ook in selfopoffering vir jou medemens. Daar kan ook 'n vermoede of skynliefde wees (4:6). Uit die geboorte uit God volg ook die lewensgemeenskap met Hom. Dit geld so wesenlik dat die teenoorgestelde ook waar is. Leef jy nie in gemeenskap met Hom in jou liefdesbetoning nie, dan is jy nie uit God gebore nie en ken jy Hom nie (8).

4:8. "Hy wat nie liefhet nie, *het* God nie geken nie ..." Hy het God nog nooit leer ken nie, al beweer hy dit ook (3:1). Hy het Hom nie eens *begin ken* nie.

Waarom nie? "*want God is liefde*" (16). God is liefde in sy Wese. Wie Hom ken, ken die liefde uit ervaring of meeleving met Hom (4:19). Waar die liefde ontbreek, is dus geen kennis van God nie. Hy is nie alleen die Bron daarvan nie, maar liefde is 'n wesenseenskap van God.

4:9. Waarin word die wese van God se liefde geopenbaar? ". . . dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe" (Joh. 3:16; 1 Joh. 2:5; 3:17; 5:3). Sy liefde word openbaar deur die *liefdesdaad*. Hy openbaar die liefde nie alleen in die wêreld tussen die mense nie, maar *in* ons - in ons binneste. Die liefde was objektief en sigbaar in sy Seun (1:1-3) op aarde. Tog het alleen die wat glo Hom geken en sy wese begryp (Joh. 1:14; 2:11; 1 Kor. 2:8). Eintlik staan hier: "sy *Seun*, sy *Eniggeborene*" wat sy onbegryplike liefde sterk benadruk (Joh. 1:14,18; 3:16,18).

Alleen deur Hom *lewe* ons - buite Hom bly ons in die dood. Hy het die lewe verwerf en skenk dit ook en bewerk dit in ons (Joh. 6:54,58,63,65).

4:10. Hier wil Johannes benadruk dat God ons nie as *goeie* mense liefgehad het nie, maar as mense wat dood is in sonde (Rom. 5:7, 8; Ef. 2:1-5). Dit laat God se liefde soveel duideliker aan die lig tree. Ons het Hom nie liefgehad nie, maar Hy het ons liefgehad (19). Hy het uit Homself lief en nie om die uitnemendheid of voortreflikheid van die geliefdes nie - dit is alleen geleë in sy ontferming of welbehag (Rom. 9:15, 16). Weer blyk sy liefde of die hoedanigheid daarvan in die sending van sy Seun (2:2). "*Versoening*" beteken dat ons sonde voor Hom *bedek* word in sy Seun (*Kategismus*, Sondag 21 vraag 56).

4:11. Nou kan Johannes vermaan op grond van God se liefde (Rom. 11:33-12:1; 1 Joh. 4:7). God het ons in só 'n mate lief (9, 10), daarom "behoort ons ook mekaar lief te hê" (2:6; 3:16). Sy heilswerk was sigbaar aan die kruis, en ons liefde moet ook sigbaar en standhoudend wees (2:11; 3:14; 4:8).

4:12. "Niemand het God ooit aanskou nie" (Joh. 12:45; 14:9). Ons sien die Vader in sy Seun en dan sien ons Hom in sy liefde - God is liefde. Daarom weet ons ook dat Hy in ons bly as ons mekaar liefhet - dan het sy liefde in ons "volmaak" geword - dit het tot sy *doel* gekom. Vanselfsprekend kan ons nie "volmaak" in absolute sin liefhê nie. Dit kan God alleen. God se liefde kom deur die gawe van Christus in ons tot sy doel wanneer ons mekaar liefhet (Joh. 15:10,13).

4:13. Die vers kom baie ooreen met 3:24. *Ons weet* - ons is seker (2:3). Ons het geloofsekerheid: Hy bly in ons en ons in Hom - dit is 'n wedersydse gemeenskap. Hy kom na ons en maak in ons woning, maar ons soek ook na Hom en hou gemeenskap met Hom (Joh. 15:4, 5, 7). Dat ons in Hom bly, is die bewys dat Hy in ons bly - ook hier gaan die inisiatief van Hom uit - Hy maak woning by sondaars (19). "dat Hy ons *van* sy Gees gegee het" wil benadruk dat ons sy Gees nie in sy Goddelike volheid kan besit nie (Kol. 2:9, 10). Die werking van die Gees en sy gawes ontvang ons egter, om Christus ontwil. En ons weet dat

Hy in ons bly en ons in Hom as ons die werking en gawes van die Gees in ons sien (Ef. 5:9; Gal. 5:22; Rom. 8:11,14-16).

4:14. In 14-16 gee die skrywer kortliks weer wat hy breedvoeriger behandel het (1:1-4; 2:1, 2; 2:22-25; 3:10-18 en selfs ook op 'n ander wyse in 4:1-13).

"Ons" naamlik die apostels was ooggetuies. "Ons" *getuig* (1:1-3; Hand. 1:8, 21, 22). Hulle het gesien en onthou en praat daarvan - hulle getuig wat hulle gesien en gehoor het. Wat het hulle gesien, waarvan hulle ook getuig? "Dat die Vader die Seun as Verlosser (Redder) van die wêreld gestuur het" (Joh. 3:16). Hy is die *Vader* teenoor die *Seun*, maar Hy is ook *Vader* omdat Hy Hom *ontferm* oor sy *kinders* uit die wêreld (Ps. 103:13; Jes.64:8). In vaderlike erbarming gee Hy die Seun van sy liefde vir ons (9). Hy gee die Seun as *Redder* van die wêreld (2 Pet. 1:1, 11; 2:20). ". . . die wêreld" word hier bedoel as geordende geheel, wat deur die sonde verbreek is of onder die vloek van God lê - nie alleen die mensewêreld nie (Rom. 8:19-22), maar tog in die eerste plek die mensewêreld (Hand. 17:26-31).

4:15. "Elkeen wat bely . . ." Nie alle mense word gered nie, alleen hulle wat glo en daarom bely - dit uitspreek - dat Jesus die Seun van God is (1:9; 2:23; 4:2). Die inhoud van die belydenis is dat Jesus, die historiese Persoon (2:22; 4:2), die Seun van God is. Hy is derhalwe self God (Rom. 9:5). "God bly in hom, en Hy in God" (13). Verloën jy die Goddelike Seunskap van Jesus, dan verwerp God jou. Anders bly Hy in jou, aanhoudend, voortdurend (vergelyk aantekeninge by vers 13).

4:16. Uit wat gesê is (15) ken ons die liefde van God (3:16; 4:7). Dit is kennis wat elke ware gelowige besit, wat hy moet bely (15) en beoefen (Joh. 6:40). Hy het dit leer ken - daar was 'n *begin* en hy glo dit nou vas en voortdurend (Joh. 11:27; 6:69). Ons is oortuig en verseker van die waarheid.

"God is liefde . . ." (8). Dan volg weer die lewensbelangrike konklusie: " ... hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom." Liefdesbeoefening, liefdesdade tot jou medemense, is die bewys dat God in jou bly en jy in Hom. Jy het voortdurende lewensgemeenskap met Hom (3:19; 4:12). Dat God liefde is, word in sy kinders gesien.

Vrae: 4: 7-16

1. Wie is uit God gebore?
2. Wat beteken: "God is liefde"?
3. Watter bewys het die Here ons gegee dat Hy liefde is?
4. Hoe blyk God se onbegryplike en onpeilbare liefde vir ons uit die soen-lyde van Christus?
5. Waarom kan Johannes ons in vers 11 vermaan?
6. Hoe sien ons God in Christus?
7. Kan ons "volmaak" liefhê of beteken dit iets anders (12)?
8. Hoe blyk beide God se liefde en ons verantwoordelikheid uit: "God bly in ons en ons in Hom"?
9. Kan ons die volheid van die Gees besit?
10. Beteken dit iets besonders dat hy God in vers 14 "Vader" noem - ook vir ons?
11. Waarom is ons kindskap van God verbind aan Jesus as die Seun van God? Kan 'n Jood wat Jesus verwerp 'n kind van God wees?

12. Waarom is die liefdesbetoning tot ons medemens vir ons lewensbelangrik (Matt. 25:35-40)?

1 Joh. 4:17-21. Die volmaakte liefde dryf die vrees buite

4:17. Het ons mekaar lief soos God dit wil hê - kom die liefde vir mekaar tot sy Goddelike doel - dan is dit "volmaak". Die liefde is die beginsel wat ons lewe beheers. Dan gaan ons die oordeelsdag met vrymoedigheid tegemoet. Ons het geen vrees nie, want die ware geestelike liefde wat bewys word in die daad, is die bewys dat God in ons is en ons in Hom (16; Matt. 25:35-40). Liefde wat voortdurend bewys word, is die maatstaf by die oordeel, want geloof sonder die werke van liefde is dood (Jak. 2:17). "Want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld." Dit is 'n geweldige uitspraak en tog waar. Dit lê die nadruk op God se genade wat die liefde aan ons bewys in Christus en aan ons gee deur die Heilige Gees, maar ook op ons verantwoordelikheid - ons moet doen wat ons bely. Dan het ons vrymoedigheid in die oordeelsdag (2:28; 3:21). Ons lewe in hierdie wêreld in God bepaal ons posisie by die oordeel. Ja, "soos Hy is, is ons ook" (Joh. 15:7-9, 17; 13:34, 35).

4:18. Is dit nie geweldig nie? Die één ding wat ons lewe op aarde vergal, is vrees (Luk. 12:4-9). Johannes sê waar vrees is, is die liefde nie suiwer of volmaak nie. Hier gaan dit nie om wat die Skrif noem die "vrees van die Here nie" nie - dit is ontsag of eerbied. Hier is dit egter angs, bangheid, skrik. Die liefde wat volmaak tot sy krag en ontwikkeling gekom het, werp die vrees uit, dryf dit na buite, soos die Here Jesus die duiwels uit mense gewerp het (Mark. 1:23-25). Na sy aard het liefde geen vrees in hom nie. Waar die liefde swak en onvolgroeid is, kan nog vrees wees, maar wesenlik hoort liefde en vrees of angs nie bymekaar nie. Die liefde - die ware naasteliefde - is immers van God. Dit is die bewys dat God ons liefhet en deur sy Gees in ons woon. Daarom dryf dit die angs uit ons lewe. Ons weet ons is nie meer onder die oordeel van God nie (Joh. 3:18; 10:27,28).

4:19. "Ons het Hom lief..." Hier kan ons ook lees: *Ons het lief...* Die nadruk lê daarop dat ons *waarlik liefhet* en dit sluit God en ons medemens in. En die liefde is by ons alleen aanwesig "omdat Hy ons eerste liefgehad het." Die *liefde* is die vrug van ons geboorte uit God. Die wonder is nie *dat* God liefhet nie, maar die wonder is dat Hy *ons* liefhet - en *ons* is sondaars (4:10; Rom. 5:5-8). God is liefde (4:8, 16) en kan nie anders as om lief te hê nie, maar Hy is ook regverdig en vertoorn Hom oor die sonde (*Kategismus*, Sondag 4 vraag 11). Dat hy ons *eerste* liefgehad het, beteken ook nie alleen dat hy volgens tydsorde eerste was om ons lief te hê nie, maar ook dat die oorsaak dat ons kan liefhê van Hom afkomstig is. Hy is die Bron van ons liefde vir Hom en vir mekaar. Ons liefde is maar die vrug of werking van sy liefde. Daarom kan niemand hom daarop beroem dat hy liefhet nie; dit is maar God se werk in ons.

4:20. "As iemand sê: Ek het God lief - en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar" (1:6; 2:4, 9-11). Tussen liefde en haat is daar geen tussenweg nie - jy het lief of jy haat (2:9-11; 3:13-15). Daarom *haat* elkeen wat nie positief sy broeder met die daad liefhet nie. Hy is 'n *leuenaar*. Hy lieg vir God en die mense deur te beweer dat hy God liefhet (4:6). Hy is 'n kind van die duiwel (3:8).

Hy sien immers sy broeder of medemens, maar God het hy nie gesien nie (4:12; Joh. 1:18). Die liefde vir of nie vir ons sigbare broeder is die toetssteen vir ons liefde vir die onsigbare God. God het ook aan ons 'n sigbare gebod gegee om ons broeder lief te hê, waaraan ons dan ongehoorsaam is. Indien ons sê dat ons God liefhet, sal ons ten minste aan Hom gehoorsaam wees. Ons kan selfs verder hieruit aflei dat God as 't ware vir ons "sigbaar" word in die persoon van ons sigbare broeder (Matt. 25:40, 45). Hierdie toetssteen is derhalwe onmiskenbaar - beproef jouself of jy God liefhet, deur jou liefde vir jou medemens.

4:21. Die "mondbelyder" wat nie *doen* nie (Matt. 7:17-21), is nie alleen 'n leuenaar nie, maar is ook nadruklik ongehoorsaam aan die gebod van die Here (1:5; 3:22; Matt. 22:37-40; Joh. 13:34, 35; 15:12; 17:23). Let duidelik daarop: "Aan hierdie *twee* gebooie hang die hele wet en die profete" (Matt. 22:40). Nie alleen die gebod om God lief te hê nie, maar ook jou naaste soos jouself, is die eis van die wet en die profete.

Vrae: 4:17-21

1. Gaan u die oordeelsdag met vrymoedigheid tegemoet?
2. Hoe kan Johannes beweer: soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld"?
3. Kan ons sonder vrees of angs in die wêreld leef ? Hoe is dit moontlik?
4. Indien God liefde is, is dit dan nie vanselfsprekend dat Hy *ons* as mense lief het nie? Waarom is sy liefde vir ons tog onverklaarbaar hoewel Hy liefde is?
5. Beteken die uitdrukking: "Hy doen niemand kwaad aan nie", dat só 'n mens se verhouding met God dan reg *moet* wees?
6. Wat is vir ons die toets dat ons God liefhet?
7. Is dit moeiliker om die onsigbare God lief te hê as jou sigbare medemens?
8. Waarom is elkeen wat sy naaste nie liefhet nie, ook ongehoorsaam?

1 Joh. 5:1-5. Oorwinnaars van die wêreld

5:1. In hierdie hoofstuk gaan Johannes voort met sy tema: "Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore" (2:23; 4:2; 4:9, ens.). "Glo" beteken ook hier om *voortdurend te glo*. ". . . is uit God gebore . . ." Let op die verskillende bewyse dat 'n mens uit God gebore is (2:29; 4:7). Is jy weer gebore - uit God gebore (Joh. 1:12, 13) - dan neem jy Jesus gelowig aan en bely Hom as die Christus, die Seun van God (Matt. 16:16, 17; Joh. 11:25-27). Dan het jy die Vader lief, en ook die een wat uit Hom gebore is - dit is die wedergeborene of broeder in dieselfde geloof (Joh. 8:42 - dit geld nie alleen van die medegelowige nie, maar ook van die Seun, Jesus Christus).

5:2. Hier stel die skrywer sy redenering andersom as gewoonlik (2:3, 9; 3:14, 17; 4:12). Nou lyk dit asof ons ons liefde vir ons broeder moet uitken aan ons liefde tot God. Hy bedoel dit egter nie só nie. Jy hoef immers nie verseker te word van jou liefde vir jou broeder nie, jy beleef en bewys dit. Nee, hy sê eintlik dat elkeen wat God liefhet, vanselfsprekend ook sy broeder liefhet en God se gebooie bewaar. Hy het sy broeder lief soos die gebooie van God eis. Wie die "kinders van God liefhet" - op grond daarvan dat hulle sy kinders is - weet dat hy ook hulle Vader liefhet. Hy onderhou ook sy gebooie. Ware liefde tot God laat ons nie alleen aan sy gebooie dink of hulle alleen met die hart liefhê nie, maar hulle is ook die rigsnoer vir alles wat jy doen - jy rig jou hele lewenswandel daarna. So wys hy die innige onderlinge verband tussen geloof, wedergeboorte, liefde tot God en liefde tot jou medegelowige aan. Die dinge kan nie van mekaar losgemaak word nie. Dit omspan jou innerlike en uiterlike lewe, jou gedagtes, woorde en dae. Agter alles is die dryfveer: *liefde tot God*. Maar ook die *rigsnoer* vir my naasteliefde is: "Wat wil God hê?"

5:3. "Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar . . ." Die liefde tot God is een en dieselfde as die bewaring van sy gebooie (Joh. 15:10). Waar iemand God se gebooie nie bewaar nie, bestaan geen liefde tot Hom nie. Daarin bestaan die wese en karakter van die liefde tot God. Dit hou ook in dat sy gebooie *met liefde* bewaar word - jou hart is daarby betrokke. Dit geld ook van al sy gebooie sonder uitsondering. ". . . en sy gebooie is nie swaar nie (Matt. 11:28-30; 12:7). Sy gebooie is geen neerdrukkende las nie, maar maak jou vry en

gee blydskap en innerlike vreugde (Ps. 119:47,93,159; Joh. 4:34; Rom. 7:22).

Maar as sy gebooie nie swaar is nie, waarom kan niemand op aarde dit dan ten volle onderhou nie (1:7-2:1; Rom. 7:18-23)? Dit is nie so omdat God se gebooie swaar is nie, maar deur die verkeerde begeertes in onself en die verleidinge van die wêreld en die duiwel. Hoewel ons sondige vlees sy gebooie soms as 'n las en gewig sien, is dit nie so nie - "my juk is sag en my las is lig", sê Jesus (Matt. 11:30).

5:4. Hy het pas gesê dat die gebooie van God nie swaar is nie. Die onderhouding daarvan beteken die oorwinning van die wêreld. Let daarop: "*almal* wat uit God gebore is, oorwin die wêreld" - nie maar enkele sterkes en uitstaande leiers nie, maar *elkeen* sonder uitsondering. Ook daaruit blyk dat die gebooie van God nie swaar is nie (2:15; Rom. 8:31-39; Ef. 6:10-18; Matt. 16:24-26 - die verwysings lyk swaar, maar ken u 'n makliker pad deur die wêreld - sonder God, sonder vrede, sonder 'n uitsig op die lewe na die dood). Die gelowige is 'n oorwinnaar *ondanks* en *in* die nood en aanslae van ons doodsvelynde, nou alreeds in hierdie wêreld, omdat hy *uit God gebore* is en daarom *glo*. Die "wêreld" beteken hier die groot vyandige mag wat Hom teenoor God en sy volk stel, onder aanvoering van die duiwel (4:4, 5; 2:13, 14; 3:10, 13). "Wêreld" (kosmos) wys ook op die geweldigheid, grootte en verskriklikheid van die vyandige mag (Joh. 15:18-21; 16:32, 33). En tog het die gelowige 'n groter *krag* as al die wêreldse mag en geweld en selfs die lis van die duiwel: "... en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof" (2:13, 14, 19; 4:5; Joh. 6:40, 47; 11:25; Rom. 5:1-5; 2 Tim. 4:7; ens.). Die oorwinning geskied herhaaldelik. Deur die geloof oorwin ons en behou ons die oorwinning. Die geloof is onoorwinlik omdat dit 'n gawe van God is (Joh. 10:27-29; Ef. 2:8 - eintlik beteken "glo" nie in die eerste plek dat ek aan God vashou nie, maar dat Hy my vashou).

5:5. Die *geloof* wat die wêreld oorwin, is 'n bepaalde geloof, met 'n bepaalde inhoud en karakter: "Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?" Weer is dit *elkeen* wat *dit* glo (4:15). Die *geloof* behaal die oorwinning nie uit die krag van die gelowige nie, maar deur sy inhoud. Die inhoud van die geloof is *Jesus die Seun van God*. Alleen Hy bewaar en laat die gelowige oorwin, omdat Hy klaar oorwin het (Joh. 16:32, 33 - lees ook Paulus se oorwinningslied in Rom. 8:31-39).

Vrae: 5:1-5

1. Noem 'n paar bewyse dat u uit God gebore is.
2. Waaraan moet jy jou naasteliefde toets? Wat is die bron en rigsnoer daarvan om te weet dat naasteliefde Godgewilde naasteliefde is (5:2)?
3. Waaruit ken ons die wese en karakter van die liefde tot God (*Kategismus*, Sondag33vraag91)?
4. Waarom is God se gebooie nie swaar nie?
5. Oorwin u altyd die wêreld? Waardeur of waarom nie?
6. Hoe oorwin ons deur die geloof die wêreld?

1 Joh. 5:6-10. Daar is drie wat getuig

5:6. Moet die geloof die krag besit om die wêreld te oorwin, dan moet die geloof vas en seker wees. Nou gaan Johannes aantoon op watter vaste getuienis die geloof berus.

Die eerste sinsnede in die vers klink vir ons vreemd: "Dit is Hy wat deur water en bloed gekom het, Jesus Christus ..." Ons moet dit egter verstaan teen die agtergrond van wat die dwaalleraars verkondig het. Hulle meen dat by Jesus se doop deur Johannes op Hom as mens

'n hemelse wese neergedaal het wat Christus genoem is. Hy het Hom toe met Jesus, die mens, verenig en deur Hom wondere gedoen, maar het Hom voor die lyde aan die kruis weer verlaat. Die Christus het, volgens die dwaalleraars, dan gekom deur die water, by sy doop (Matt. 3:16; Mark. 1:10; Luk. 3:22; Joh. 1:32, 33). Ons verstaan hierdie gedeeltes egter letterlik - die Heilige Gees het op Hom neergedaal, wat beteken dat Hy met die Heilige Gees gesalf is tot sy amp as Christus. Hy het egter Christus, God en mens in een Persoon, gebly ook aan die kruis. Daarom praat Johannes hier van "water" (doop) en "bloed" (kruisdood); nie deur water alleen nie, maar deur albei. Hy is gedoop met water en Hy het sy bloed gestort - Hy het derhalwe sedert sy ontvangenis in Maria dieselfde gebly tot met sy hemelvaart (Luk. 1:35; 24:39^44; Hand. 1:3, 9). En nou nog - selfs in die Hemel - is sy menslike liggaam wel verheerlik, maar nog steeds is Hy die volle Christus - God en mens in een Persoon verenig.

"Dit is die Gees wat getuig" kan op tweërlei getuienisse sien. Dit kan daarop sien dat Christus sy tekens en wonders deur die Heilige Gees gedoen het (Matt. 12:28) - dit getuig dan van sy Christusskap. Dit kan egter ook beteken dat die Gees getuig deur die getuienis van die apostels (Joh. 14:26; 16:13; Hand. 1:8). Gelei deur die Gees verkondig hulle onfeilbaar die waarheid dat Jesus die Christus, die Seun van God is. Ons kan selfs nog 'n derde getuienis hier byvoeg: die Gees getuig in ons hart en werk in ons die geloof in Jesus Christus (Hand. 16:14; Rom. 8:14, 16 - vergelyk *Nederlandse Geloofsbelydenis*, art. 5).

5:7. (Wetenskaplikes het probleme met hierdie teks, of dit tekskrities in die Bybel hoort. Dit ontbreek byvoorbeeld in die oudste bestaande eksemplare van die brief. Dit is egter 'n waarheid wat deur die res van die Nuwe Testament bevestig word en volg logies op die vorige vers. Dit sê waarom die Gees *die waarheid* is. Daarom sien ons geen rede om dit weg te laat nie. Dit is ook nie die doel om tekskritiek indringend met u te behandel nie).

"Daar is drie wat getuig in die hemel..." Uit die hemel kom die hele waarheid van die Skrif - alles wat aan ons geopenbaar is (2 Tim. 3:16). Die Vader getuig (Jes. 7:14; 9:5; Joh. 8:18; Hebr. 1:1); die Seun getuig (Joh. 1:14; 3:12, 13; 8:14, 18) en die Heilige Gees (Luk. 1:35; 1:41,42; 1:67; 2:27; Matt. 3:16; 12:28; Joh. 6:63; Hand. 2:1 e.v.; 2 Pet. 1:21). Al drie getuig dat Jesus die Christus, die Seun van God is (1 Joh. 4:2,3).

"... en hierdie drie is een" (Joh. 10:30). Daarom is hulle ook een in die getuienis (Joh. 16:13-15).

5:8. "en daar is drie wat getuig op die aarde", net soos in die hemel. "Die Gees en die water en die bloed ..." Die Gees word eerste genoem want Hy is die belangrikste - Hy is die eenheidsband tussen die hemel en die aarde, wat die getuienis betref. Die getuienis van die Gees is uiteindelik die een getuienis waarop ons hele geloof berus (2 Pet. 1:21; Joh. 16:13). Die water en bloed bevestig die aard van die getuienis van die Gees (Matt. 3:16). Daar getuig die doopwater dat Jesus, hoewel Hy rein is (Joh. 8:46), Homself as onrein beskou omdat Hy ons onreinheid op Hom geneem het. Hy kom uit die water van die doop as Borg en Versoener van sy volk. En die *bloed* - die bloed van Jesus aan die kruis - getuig dat Hy werklik ons sondes versoen het, deur Homself vir ons te gee (Jes. 53:5; Matt. 26:28; Rom. 5:1,6, ens.). Die getuienis van al drie is eenstemmig - dit wys op een en dieselfde. Die Gees stel egter die water en die bloed in die regte lig, sodat ons dit verstaan.

5:9. God het dus ten duidelikste getuig. Ons neem oor die algemeen die getuienis van mense (Deut. 19:15) in die daaglikse lewe aan. Maar "die getuienis van God is groter" - dit is van groter waarde of gewig (3:20; Matt. 5:34-36). Sy getuienis is aangaande sy Seun, Jesus Christus (Matt. 3:17; 17:5; Joh. 8:18). Die tydsvorm van die werkwoord benadruk dat die getuienis van God eenmaal gegee is en altyd geldig bly of voortduur.

5:10. "Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself" (Rom. 8:14, 16, 17; *Ned.*

Geloofsbel. art. 5). Hy wat glo, erken dat Hy die Seun van God is en bou en vertrou as sodanig op Hom (Hebr. 11:1; 1 Kor. 2:14-16). Hy besit die getuienis aangaande die Seun in homself. Hy is verseker deur die geloof, gewerk deur die Heilige Gees, dat die evangelie van Jesus Christus waar is - Hy is die Seun van God (Joh. 6:68, 69; 10:26,27).

"Hy wat God nie glo nie . . ." Die ongelowige glo God se getuienis nie (vergelyk aantekeninge by 5:7). Hy maak God tot 'n leuenaar - hy stel God derhalwe gelyk aan die Satan (Joh. 8:38-44). Die sonde van ongeloof is nie maar 'n kleinigheid nie - daarmee kom die waaragtigheid van God in gedrang. Hy maak God tot 'n leuenaar - daarom is die uiteinde van volharding in ongeloof die ewige dood (Openb. 21:8 - eintlik is "ongelowiges" hier die samevattende begrip van al die "lelike" sondes wat genoem word).

Vrae: 5:6—10

1. Waarom sê Johannes dat Jesus deur water en bloed gekom het?
2. Wat beteken dit dat ons deur water gedoop is (Rom. 6:3,4)?
3. Wat omvat die "getuienis van die Gees" alles?
4. Het sy getuienis ook met ons persoonlike geloof te doen (*Kategismus*, Sondag 25 vraag 65)?
5. Waaruit bestaan die "getuienis van die Drie in die hemel" kortliks?
6. Hoe is ons betrek by die doop van Jesus en beteken dit dieselfde as wat sy bloed vir ons beteken (*Kategismus*, Sondag 26)?
7. Sou u nou kan sê op grond van watter getuienisse ons moet glo dat Jesus Christus, die Seun van God, ons Middelaar is?

1 Joh. 5:11-13. God het ons die ewige lewe gegee

5:11. God het 'n bepaalde getuienis gegee - en Hy gee dit nog in sy Woord (7-10). Nou sê Johannes wat die inhoud van die getuienis is: "dat God ons die ewige lewe gegee het . . ." In die oorspronklike taal is dit alleen "ewige lewe" - sonder die lidwoord "die". Daarmee word die inhoud of heerlikheid van die ewige lewe benadruk. Hy het die ewige lewe *gegee* toe Hy sy Seun gegee het (Joh. 5:26; 11:25; 14:6). Die lewe word ons alleen geskenk deur Hom - eintlik vloei dit ons toe uit Hom (Joh. 3:16, 36). Wie in Hom glo, het die ewige lewe. Wie nie glo nie, het dit nie (Joh. 5:40). Die ewige lewe is die ware lewe wat ons nou alreeds in beginsel besit en tot in ewigheid sal behou (Joh. 10:28; 11:25,26).

5:12. "Hy wat die Seun het" beteken hy wat in Hom glo. Hy vertrou homself aan die Seun toe as sy Redder en Bewaarder (4:10, 14; 2:1, 2). Glo jy in die Seun "*het jy die lewe*" (vergelyk aantekeninge by vers 11). "Wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie" - hier word Hy doelbewus "die Seun van God" genoem om sterker te benadruk dat die ware lewe alleen by Hom te vinde is - God is die oorsprong van alle lewe. Hier sien dit nie alleen op heidene nie, maar veral op mense wat sê dat hulle in Hom glo, maar nie in Hom as die *Seun van God* nie (4:2, 3).

5:13. Weer sê Johannes waarom hy hierdie brief geskryf het (2:1). " . . . sodat julle kan weet ..." - helder en duidelik en verseker moet hulle dit weet. Hieruit kan ons aflei dat daar tekens was dat die mense begin twyfel het of ten minste besig was om te verslap in oortuiging en ywer - hulle het onseker begin voel. Die dwaalleraars het bepaald daartoe bygedra, maar dit is 'n verskynsel wat maklik posvat by die kerk - veral wanneer die geloof 'n soort tradisie word en mense daarmee opgroei. Daarom moes hy vroeër ook so dringend praat oor die liefde en die bewaring van die geboorte van die Here (4:7, 16-21; 3:4, 6, 8, ens.). Hulle moet verseker

weet dat hulle die ewige lewe het en glo in die Naam van die Seun van God - dit wil sê: glo in Hom self - want sy Naam is maar Hy. Weer beteken *glo* om te volhard in die geloof - voortdurend glo. Hulle mag nie verslap in die geloof nie. Weer word benadruk dat Jesus *die Seun van God is* - Hy is God uit God en Lig uit Lig. Dit is die groot saak waarom die brief geskryf is. Dit is trouens die hoofinhoud van die hele Skrif (1 Kor. 2:2; 2 Kor. 1:20).

Vrae: 5:11-13

1. Het u die ewige lewe en hoe weet u dit?
2. Waarom het ons die ewige lewe alleen in Christus?
3. Wat maak die verskil by 'n mens tussen die ewige lewe en die ewige dood?
4. Is die brief ook nodig vir u in die lig van vers 13?
5. Is u verseker van die ewige lewe of twyfel u soms? Indien u wel twyfel, wat moet u doen om tot sekerheid te kom? Is twyfel sonde?

1 Joh. 5:14-17. Vrymoedigheid teenoor God, ook om te bid

5:14. Glo jy só in Hom het jy die ewige lewe (Joh. 3:36; 5:24). Deur die gemeenskap met die Seun het jy ook gemeenskap met die Vader (2:23; 5:11, 12; Joh. 14:6). Dan het jy ook vrye en onbelemmerde verkeer met God (Joh. 16:23-27; Matt. 7:7-11) en ook jou eie innerlike vrymoedigheid daartoe (Ef. 3:12). Dit is die *vrymoedigheid* waarvan Johannes hier praat - jy vertrou dat God jou gebede, wat volgens sy wil is, sal verhoor. Ons is verseker van gebedsverhoring, maar dit moet wees volgens sy wil. Dit is die beheersende voorwaarde waaraan ons gebede moet beantwoord. Dit mag nie in stryd met die wil van God wees nie - dit geld dan hoofsaaklik die inhoud van ons gebede (Hand. 1:6, 7; 2 Kor. 12:8, 9; Matt. 26:39). Hierin moet ons die Here Jesus navolg: "nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil". Ons gebed moet 'n oorgawe wees in die hande van ons Vader, wat die beste weet wat vir ons goed is (Ps. 37:5). Dit noem ons die *verborge* wil van God. Maar ons moet ook dink aan die geopenbaarde *wil* van God. Dan is ons gebede *volgens sy wil* wanneer ons bid soos Hy in sy Woord aan ons sê om te bid. Ons weet daaruit dat ons in die Naam van Christus en in gemeenskap met Hom moet bid (Joh. 4:23, 24; 14:13; 15:17). Kyk gerus weer na die *Kategismus*, Sondag 45 vraag 117.

5:15. In die vorige vers het dit gegaan om die sekerheid van gebedsverhoring in die opsig: watter gebede word verhoor? Die wat volgens die wil van die Here is. Nou volg die skrywer se gevolgtrekking op die stelling - dit gaan hier alleen om verhoorde gebede. Wat lê daarin vir ons opgesluit? Al lyk dit vir ons asof dit nie verhoor is nie, weet ons egter dat dit wel verhoor is. Die Here ken sy tyd (Ps. 102:14) en Hy antwoord ook op sy eie wyse. Die sekerheid dat God verhoor, is nie in gedrang nie - ons sal verseker kry wat ons vra. Ons is immers sy erfgename en ons besit ons erfenis in Christus (Rom. 8:16, 17). Dit rus egter in die welbehoeve of wil van ons Vader wanneer en hoe Hy ons erfdeel aan ons uitdeel. Die wyse waarop dit in die Grieks gestel word, wil sterk benadruk dat ons verseker, ongetwyfeld, *weet*. Dit is volgens sy wil en sy wil is onwankelbaar en vas (Ps. 33:11). Is ons gebed volgens sy wil, dan gaan dit om alles "wat ons ook al vra". Ons kry dit of het dit alreeds, hoewel ons dit moontlik nog nie sien nie. 'n Mens kan soms lank wag. Daniël het drie weke gewag (Dan. 10:2, 3, 12). Dit is selfs aangrypend om Jes. 49:13, 14 saam te lees. Daar kom duidelik aan die lig wat die Here *doen* - Hy troos sy volk en ontferm Hom oor sy ellendiges. Sy volk self sien daar egter niks van nie en kerm: "Die HERE het my verlaat, en die Here het my vergeet!" As hulle - en ons - tog maar altyd vashou aan wat die Here op hul klag antwoord (Jes. 49:15, 16).

5:16. Nou gaan dit om voorbidding. Ons is altyd daartoe geroepe - daarin stel ons Here Jesus aan ons die voorbeeld (Joh. 17). Dit is gewis ook goed om op Paulus se voorbeeld te let. Hy doen voorbidding vir sy gemeentes en roep voortdurend op tot voorbidding vir andere, ook vir homself (Rom. 1:8-10; 1 Kor. 1:4; Filip. 1:3, 4; Ef. 6:18,19; 1 Tim. 2:1-8).

Hier gaan dit egter spesifiek om voorbidding vir iemand wat sonde doen. Jy *sien* iemand - enigiemand - wat sonde doen. Dit gaan oor wat jy *sien*, dit wil sê feite en nie gerugte of skinderstories nie. Moenie van hom kwaadpraat of hom in die modder intrap nie, maar bid vir hom.

Maar dan kwalifiseer Johannes die sonde: "wat nie tot die dood is nie". Dan dink ons aan uitsprake soos: Num. 15:30, 31; Matt. 12:31; Hebr. 6:4. Waarskynlik gaan dit om 'n welbewuste opsetlike sonde - die mens sondig moedswillig met die doel om te sondig. Waarskynlik het die apostel hier ook die dwaalleraars, waaroor hy in die brief handel, in die oog, die "antichriste" (2:18, 19). "Sonde tot die *dood*" sien hier op die ewige dood. Dit is derhalwe 'n "onvergeeflike" sonde (Matt. 12:31). En dan volg die wonderlike belofte: "en Hy sal hom die lewe gee . . ." Op die gebed van die voorbidder ontvang 'n sondaar die lewe - die ewige lewe - uit die hand van God. Sy gebed is verhoor en daar is blydschap in die hemel oor die één sondaar wat hom bekeer. Weer sê die skrywer dat dit gaan om 'n sonde wat nie tot die dood is nie.

Daarop volg dan die moeilike uitspraak: "Daar is 'n sonde tot die dood; daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie." Dit is 'n bepaalde soort of tipe sonde. "*tot die dood*" hou in dat alle gemeenskap of elke verband met God in Christus klaar afgesny is - vanselfsprekend het die ware band met Christus dan nooit bestaan nie. Die apostel beveel nie om vir só 'n mens te bid nie; "daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie", maar hy verbied dit ook nie. Omdat dit vir ons onvolmaakte mense moeilik, ja selfs onmoontlik is om uit te maak wanneer iemand inderdaad 'n sonde tot die dood toe gedoen het, het ons vrymoedigheid om aan te hou om te bid solank die genade voortduur. Laat ons gerus maar aanhou bid en met woorde en voorbeeld die weg tot bekering aanwys.

Sonde tot die "*dood*" sien dus hier eintlik op die ewige dood in die verdoemenis (Hebr. 10:26-31). Veral in die lig van Hebr. 10:26 sou ons kan aflei dat dit nie om 'n enkele *sondedaad* gaan nie, maar 'n toestand waarin so 'n mens volhard. Die uitdrukking "opsetlik sondig" sien dan, volgens die tydsvorm van die oorspronklike werkwoord, op 'n toestand wat voortduur. "Sonde tot die dood" word ook in die Bybel "sonde teen die Heilige Gees" genoem (Matt. 12:31; Luk. 12:10).

5:17. Hier bevestig Johannes wat ons so pas gesê het - die terrein van die voorbidding is wyd en uitgestrek. Dit gaan nie alleen om uitsonderlike gevalle nie. "Alle ongeregtigheid is sonde..." (1:9). Ongeregtigheid beteken dat jy handel teen wat reg is; dat jy jou plig en roeping versuim teenoor jou naaste; dat jy doen wat onbehoorlik is; alle botsinge, positief of negatief, teen enige gebod van God. Dit is alles sonde - dit wil sê jy mis die doel van jou lewe of roeping van God aan jou gegee. En onthou: "daar is 'n sonde (of sonde) wat nie tot die dood is nie." Wie sou anders gered kon word (1:8,10)?

Vrae: 5:14-17

1. Op watter grond alleen het 'n sondaar vrymoedigheid voor God?
2. Wat beteken 'n gebed volgens die wil van die Here (*Kategismus*, Sondag 49, 51)?
3. Kan u onderskei tussen God se *verborge* en sy *geopenbaarde* wil?
4. Bly 'n ware gebed ooit onverhoord?

5. Is 'n gebed onverhoord indien dit anders gebeur as wat ons verwag?
6. Wat verstaan ons daaronder dat God op sy wyse en tyd ons gebede verhoor?
7. Doen u gereeld voorbidding na die eis van 1 Tim. 2:1-8?
8. Sou u sê dat voorbidding vir 'n sondaar u ook beweeg om hom by te staan (Gal. 6:1,2)?
9. Sou u, volgens u eerlike opinie, 'n sonde tot die dood kan aanwys, waarvoor u nie hoef te bid nie?
10. Sou u sê dat 'n voorbidder *bokant* of *naas* 'n gevalle sondaar staan in die lig van vers 17?

1 Joh. 5:18-21. Jesus Christus is die waaragtige God en die ewige lewe

5:18. Nou gaan dit nie om nuwe dinge nie. Dit is dinge wat "ons" - elkeen wat uit God gebore is - weet (3:2, 14). Elkeen wat uit God gebore is, *sondig nie* - hy hou nie aan om te sondig, of in die sonde te lewe nie (3:9). Dit beteken nie dat iemand nie in sonde kan val of struikel nie - vir hulle moet juis gebid word (5:16, 17). Hy is 'n "broeder" wat sonde doen.

"maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself . ." Hier kan ons dit ook anders lees: *maar Hy {Christus} wat uit God gebore is, bewaar hom* (Luk. 22:31, 32; Joh. 6:39; 10:28; 17:11, 12; Rom. 8:37). Dit is 'n groot en heerlike waarheid dat ons volharding op die weg van heiligmaking nie van ons self afhang nie, maar van die Here wat ons bewaar. Aan die ander kant is die vertaling in ons Bybel waarskynlik die beste en dan lê dit die verantwoordelikheid op die wedergebore mens self. Die een sluit die ander ook nie uit nie (Filip. 2:12). Dat God ons bewaar, tree in ons lewe aan die lig deurdat ons onself bewaar (3:3; 3:9). Daarom kan hy ook vermaan in vers 21: "bewaar julleself van die afgode." Ook hier in vers 18 is dit eintlik 'n vermaning - "bewaar jousef!"

" ... en die Bose het geen vat op hom nie." Eintlik beteken dit dat die Bose geen "houvas" op hom het nie. Hy is nie meer in die mag van die Bose nie - hy wil van harte die goeie doen (Rom. 7:15-26).

5:19. Weer is dit: "Ons weet dat ons uit God is ..." Ons weet verseker, want 'n boom word aan sy vrugte geken en ons leef nie meer onder die heerskappy van die sonde nie (18; 3:2, 14; 4:4, 6). Ons is uit God. Ons hele bestaan, doen en denke, word gerig deur die feit dat ons uit Hom is. Ons leef uit Hom. En die hele wêreld (2:2) "lê in die Bose", dit wil sê onder die mag van die Bose (Joh. 12:31; 16:11). Toe die mens, die koning of kroon van God se skepping, onder die mag van die Bose val, val ook sy ryksgebied onder heerskappy van die Bose (Luk. 4:6). Selfs die goeie dinge wat God gemaak het - in die natuur en rykdomme van die aarde - gebruik die Bose in sy heerskappy. Die wêreld is magteloos - lê in sy mag. Dit druk selfs uit dat die heerskappy van die Bose oor die wêreld gekom het as 'n oordeel van God (Gen. 3:17-19; Rom. 8:20,21).

5:20. Hier gee Johannes die duidelikste en mees uitgesproke belydenis van wat ons aan Jesus Christus het en Wie Hy is - Hy is die Seun van God - ja, Hy is God self.

Weer is dit: "En ons *weet*" - dit is aan alle gelowiges bekend en hulle besit 'n duidelike kennis daarvan (3:2, 14) - "dat die Seun van God gekom het" (1:3, 7; 3:8; 4:15; 5:5; vergelyk ook Joh. 2:4; 8:42). Hiermee word meer aangedui as die koms van die Seun van God na die aarde. Dit gaan om 'n meer omvattende openbaring - ook in ons menslike natuur (1:1, 2) met sy ganse heilswerk en wat Hy nou nog is. Hy het gekom en is en bly wat Hy is - die Seun van God, die Verlosser van die wêreld.

"... en ons verstand gegee ..." *Verstand* is hier die vermoë om te ken en te onderskei (1 Pet. 1:13; Matt. 22:37; Ef. 4:18). Hier word dit nie beskou as natuurlike verstand nie, maar as 'n gawe wat die gelowiges ontvang van die Heilige Gees om God te ken (Ef. 1:18; Luk. 24:45; Hand. 16:14; Joh. 17:3).

"... om die Waaragtige te ken ..." - dit is die *Wesenlike* (2:8; Joh. 1:9; 4:23; 17:3). Hy is waarlik God. Hy is wat Hy sê Hy is teenoor die afgode (vers 21). Ons moet dit ook verbind met die strekking van die brief dat daar mense is wat voorgee dat hulle God ken, maar Jesus nie wil erken as die Seun van God nie (2:22, 23). Dan ken hulle God ook nie. "... en ons is in die Waaragtige ..." (2:24; 3:24; 4:15, 16). Dit wil sê ons het wesenlik en werklik met Hom gemeenskap. "... in sy Seun, Jesus Christus ..." Ons is in die Waaragtige omdat ons *in* sy Seun is - op geen ander wyse kan ons in God wees nie (Hand. 4:12). Dit is ook deurgaans die gedagtegang van hierdie brief (2:23, 24; 4:9, 15; 5:11-13).

"Hy is die waaragtige God en die ewige lewe" - hier gaan dit duidelik om Jesus Christus. Die "Hy" kan nie terugwys na God die Waaragtige (die Vader), vroeër in die vers genoem nie. Dit gaan vir Johannes in die hele brief om die Seunskap of Godheid van Christus. Hy sê nou net duidelik in woorde wat hy nog telkens in die brief te kenne gegee het: *Jesus Christus, die Seun van God, is die waaragtige God* (1:1-4; 2:22-24; 4:9; 5:5, 10-14), "... en die ewige lewe ..." (Joh. 5:26; 11:25; 14:6; 1 Joh. 5:11). Buite Christus is en bly ons in die dood.

5:21. Met vaderlike sorg en liefde sluit Johannes sy brief af met die vermaning. "My kinders, bewaar julleself van die afgode." Hou wag oor julleself (Luk. 2:8; 8:25; Hand. 16:4; 21:25). Dat hier van afgode sprake is, wys daarop dat die gemeente voormalige heidene was. En tog wys dit op meer as dit. Nie alleen die heidene het afgode nie. 'n Mens kan ook van Jesus 'n "afgod" maak, as jy sy Godheid loën. Indien 'n mens God nie ken en dien, soos Hy waarlik is nie (vers 20), is jy feitlik besig met afgodediens. Daarom is die vers nog 'n laaste waarskuwing om God reg te ken en te bely en te aanbid.

Vrae: 5:18-21

1. Sou u sê dat geloof en ongeloof te doen het met die begrippe in *sonde val* en in *sonde lewe*?
2. Is dit reg om te sê: "Ek kan myself nie bewaar nie en tog moet ek myself bewaar"?
3. Hoe verstaan u die uitspraak: "die Bose het geen vat op Hom nie"? Kan u dit van uself sê?
4. Wat is die verskil tussen mense wat uit God is en die wêreld?
5. Het die Bose ook mag oor die wêreld buiten die mensewêreld?
6. Het die Seun van God ook in u lewe gekom?
7. Hoe en waaruit ken ons die Waaragtige (God)?
8. Hoe is ons in God - wat is die enigste wyse?
9. Waarom is die laaste sin in vers 20 'n samevatting van die brief en so uiters belangrik?
10. Sou u sê dat vers 21 alleen bedoel is vir voormalige heidene of kan dit ook op gebore "Christene" van toepassing wees?

2 Johannes

2 Joh.: 1-3. Opskrif en seëngroet

1. "Die ouderling . . ." noem die skrywer homself (vergelyk ook 3 Joh.: 1). Die woord "presbiter" wat hier deur ouderling vertaal word, kan beteken: *iemand wat in die amp as ouderling staan* (Hand. 11:30; 14:23; 15:2; 1 Tim. 5:17);

'n man van gesag, outoriteit uit die ou tyd (Matt. 15:2; Hebr. 11:2); *leeftyd - 'n ou man* (Hand. 2:17; 2 Tim. 5:1; 1 Pet. 5:5).

Hier het die skrywer bepaald groot amptelike gesag. Hy noem die gemeentelide selfs sy "kinders" (3 Joh.:4).

In 3 Joh. tree hy ook met gesag teenoor 'n sekere Diótrifos op (3 Joh.:9, 10). Hy is egter nie 'n ampsdraer in die gewone sin by 'n bepaalde gemeente nie - hy behoort nie tot die gemeente nie, maar sal na hulle toe kom (3 Joh.:10, 14). Hy is egter bekend as ouderling by meer as een gemeente. Die gemeentes weet wie hy is wanneer hy homself só aandui. Ons kan die afleiding maak dat sy hoë leeftyd aan hom die ere naam besorg het. Dan kan ons aanvaar dat hy die apostel Johannes is, soos ons uit die oorgelewerde geskiedenis leer. Dit verklaar ook waarom hy met gesag - as apostel - tot meer as een gemeente kan skryf.

"... aan die uitverkore vrou en aan haar kinders .. ." Gaan dit hier om 'n bepaalde vrou of om 'n gemeente wat hy só noem? Sonder om u te vermoei met allerlei argumente, wil ek aansluit by die verklaring dat ons hier nie met 'n bepaalde vrou te doen het nie, maar met 'n gemeente. Hy waarsku byvoorbeeld teen dwaalleraars (7-11). Dan dui dit daarop dat die gemeente aan die Here behoort - sy bruid is (Openb. 19:7; 21:2; Joh. 3:29; 2 Kor. 11:2; Ef. 5:22). Dit is ook moontlik dat die brief geskryf is nadat Johannes die Openbaring geskryf het, waarin die gemeente deurgaans as 'n vrou beskou is. Ook die woord "uitverkore" pas in die eerste plek by 'n gemeente (Ef. 1:3-5); 1 Pet. 1:2; 2:4, 9). "haar kinders" is dan die lede van die gemeente, en die moeder die gemeente as geheel (Openb. 12:15-17). Selfs in die Ou Testament kry ons die soort voorstelling (Hos. 2:1 e.v.; Jes. 49:21; 54:1). Met die benaming "kinders" word al die lidmate dan aangedui (Uoh.2:1,12;3:1,2).

Hy het die gemeente "in waarheid lief" teenoor die "verleiers" (7-9). Dit gaan hier om die egte standhoudende liefde, maar ook op die gebied van die waarheid in Christus. Die liefde word bepaal en beheers deur die Waarheid en ook beperk tot die Waarheid. Hy het hulle lief omdat hulle die Waarheid (Christus) liefhet. Dit blyk daaruit dat ook sy metgeselle wat die waarheid leer ken het, hulle liefhet (Joh. 13:34, 35). Hulle ken die waarheid wat God in Christus leer ken het (2; 3 Joh.: 8; 1 Joh. 1:6, 8; 2:4, 21). Wat die apostel hier sê, kan moeilik van een gesin gesê word, maar is duidelik van toepassing op 'n gemeente.

2. Dit is duidelik dat Johannes hier met *Waarheid* Christus bedoel (Joh. 14:6). Dit is die grond of bron van sy liefde vir die gemeente. Die Waarheid bly nou in ons - alreeds hier op aarde is dit 'n voortdurende verblyf (1 Joh. 2:6, 9, 10, 19, 24; 3:24; 4:16). Die Waarheid is nie waarlik in iemand as hy nie in Hom bly nie (1 Joh. 3:6, 15). Jou hele bestaan word in en deur Hom beheers. Is dit in hierdie lewe só, bly die Waarheid by ons vir ewig. Hy voer almal wat glo en in Hom bly tot die ewige oorwinning (1 Joh. 1:3; 4:17; Matt. 1:23; 28:20).

3. Hier het ons die seëngroet - ja, meer as dit: *'n versekering!* Eintlik lees ons hier in die betroubaarste tekste: "Genade, barmhartigheid en vrede sal met *ons* wees . . ." Die skrywer sluit homself hierby in. Gewoonlik is dit "julle" (1 Pet. 1:2; 2 Pet. 1:2). *Genade* beteken *guns* wat blydskap gee en beteken dat skuld weggeneem of oorgesien word (Joh. 1:14).

Barmhartigheid beteken innerlike ontroering of bewoënheid oor ellende en behoefte en word bewys deur hulp te gee (Jak. 2:13— 16; 3:17). *Vrede* staan teenoor onrus en gee kalmte en vreugde (Joh. 14:27; Rom. 5:1-4). Niks op aarde kan die vrede wegneem nie.

Hierdie drie dinge uit die hand van God in Christus is ons hele saligheid of geluk - alle heil in Christus.

"... *van God die Vader* ..." Hy is die eerste of Bron van alle seëninge. Hy is die almagtige en heilige *God* - Hy *kan* gee; maar Hy is ook die Vader van liefde en sorg wat *wil* gee - dit blyk daaruit dat Hy sy eniggebore Seun gegee het en ter wille van Hom ook ons Vader is (Joh. 3:16; 14:6).

"... *en van die Here Jesus Christus* ..." Dat hier staan: "*die Here Jesus Christus*" plaas Hom naas die Vader as Skenker van die genade, barmhartigheid en vrede. Weer het hy die dwaling dat Jesus nie waaragtig God is nie in gedagte (vers 7). Daarom voeg Hy nog verder by: "die Seun van die Vader (1 Joh. 1:3, 7). Hy is *die* Seun van die Vader - die eniggebore Seun (Joh. 1:14; 3:16).

"... *in waarheid en liefde* ..." Dit is die twee belangrikste elemente in die Christelike geloof. Die diepste kennis - uit die Waarheid van Christus - kom tot uitdrukking of aksie in die beoefening van die liefde (1 Joh. 4:20,21).

Vrae: 1-3

1. Wat kan u uit vers 1 aflei aangaande die skrywer van die brief ?
2. Het ons hier te doen met 'n gemeente of 'n bepaalde vrou?
3. Wat word bedoel met Waarheid in vers 1, 2? Kan u sê dat u in die Waarheid is?
4. Waarom is die seëngroet ook 'n versekering?
5. Wat beteken die seëngroet en kan ons dit op onself ook toepas?

2 Joh. 4-6. Blydschap en vermaning

4. "*Ek was baie bly* ..." Voordat hy begin met wat hy werklik wil sê, druk hy eers sy blydschap uit oor die goeie in die gemeente, soos Paulus so dikwels gedoen het (Rom. 1:8; 1 Kor. 1:4; 2 Kor. 1:3, ens.); ook Petrus doen dit (1 Pet. 1:3; 2 Pet. 1:3). Vir *blydschap* word in Grieks dieselfde woord gebruik as vir *genade* (vers 3). Die hoofelement van *genade* is *blydschap* oor ontvangte vergewing van sondes. Daarom word die Griekse woord *blydschap* in die mond van die Christen *genade*. Waarom is hy bly?

"... *dat ek van u kinders gevind het wat in die waarheid wandel* ..." Hy het dit gehoor en hy weet dit nou - waarskynlik het andere dit aan hom vertel. "wandel in die waarheid" sien op dade - dinge wat voortdurend gedoen word (1 Joh. 1:6, 7; 2:6). Ongelukkig kon hy dit nie van almal sê nie - "*van u kinders*" beteken nie almal nie (Joh. 3:1 - Nikodemus was maar een van baie; Joh. 6:40 - "elkeen" is weer 'n onderskeiding - andere doen dit nie; Joh. 7:40, 48, ens.). So is dit in elke gemeente - dink aan die sewe gemeentes in Asië (Openb. 2 en 3). Ons kan wel aanneem dat dit ook hier - soos in 1 Johannes - hoofsaaklik oor die *liefde* gaan (1 Joh. 3:16 e.v.) en ook oor die afwysing van die dwaalleer (vers 7-9; 1 Joh. 2:13,14,19).

"... *soos ons 'n gebod van die Vader ontvang het*..." Wandel in die waarheid beteken dat ons leef volgens die wil van die Here, soos Hy in sy gebooie van ons verwag (Joh. 12:48). Elke mens se gesindheid kom tot uiting in sy dade (1 Joh. 3:23; 4:21).

5. "En nou bid (vra) ek u, uitverkore vrou ..." Op grond van wat hy pas gesê het, vermaan hy nou. Sy vermaning is egter nie 'n bevel nie, maar 'n versoek. Hy knoop die versoek egter

vas aan die gebod van die Here. Die Here beveel immers; dit maak dit baie gewigtig.

"... nie asof ek u 'n nuwe gebod skryf nie, maar een wat ons van die begin af gehad het. . ." (1 Joh. 2:7, 8). Die wyse waarop hy dit stel, laat die nadruk nie val op die gebod nie, maar laat dit sien as 'n vanselfsprekende werklikheid en voorreg en hoë begenadiging (1 Joh. 3:9; 4:7, 20). Die gebod is nie nuut nie (Lev. 19:18; Deut. 10:12; Joh. 13:34). Christus het egter die ou gebod deur wat Hy gedoen het in 'n nuwe lig gestel en selfs 'n diepere betekenis daaraan gegee. " . . . dat julle mekaar moet liefhê . . ." Dit vra Johannes van hulle en dit eis die Here ook van hulle in sy gebod: volhard in die liefde tot mekaar.

6. "En dit is die liefde, dat ons wandel volgens sy gebooie." Liefde is nie maar 'n gemoedsaandoening nie, maar kom tot daad (1 Joh. 3:16-18; 5:3). Dit gaan ook nie alleen om liefdesbetoning tot ons medemens nie, maar in die eerste plek om liefde tot God (Matt. 22:37-40; 1 Joh. 3:23). Hier stel hy geen beperking nie, maar praat van *gebooie* in die algemeen. Dit is ook nuttig om te let op die woord "*wandel*". Dit beteken dat jy rustig en met vreugde rondbeweeg. Die *gebooie* bepaal dan die gang of rigting waarin jy wandel (Joh. 10:27; Matt. 11:29, 30; 16:24). Ons wandel in 'n bepaalde koers en leef nie lukraak sonder doel of rigting nie.

"*Dit is die gebod soos julle van die begin af gehoor het dat julle daarin moet wandel.*" Gebooie van God is maar een gebod, een geheel (1 Joh. 5:1). Hulle het dit van die begin af gehoor (1 Joh. 2:18; 2 Joh.: 4, 5). Weer benadruk hy dat hulle daarin moet wandel. Dit kan hy nie genoeg benadruk nie: hulle moet doen wat hulle bely en daarin volhard, aanhou om daarin te wandel.

Vrae: 4-6

1. Waarom word die Griekse woord *blydschap* in die mond van die Christen *genade*?
2. Waarom is Johannes bly? Wat is die grootste blydschap van die leraar in u gemeente (Joh. 4:25-30)?
3. Wat bepaal ons lewenspad of koers?
4. Wat beteken "wandel in die waarheid"? Beteken dit dat ons die *gebooie* van God volkome kan bewaar? Indien nie, wat dan?
5. Waarom is die liefdesgebod *oud* en ook *nuut*?

2 Joh.: 7-11. Ontvang hom nie in die huis nie

7. Johannes het pas gepraat van die liefdesgebod - tot God en jou medemens. Hoe kan 'n mens dit rym met die gedagte dat jy bepaalde mense nie in jou huis moet ontvang of selfs groet nie? In werklikheid vloei dit juis voort uit die liefdesbeginsel. Dit gaan immers om die houding teenoor dwaalleraars wat die Here Jesus nie bely as die Seun van God nie. Die gebod van die Here is dat ons só in Hom moet glo (vers 7, 9; 1 Joh. 3:23; 5:1, 5). Die geloof bring ons tot die liefde tot Hom en daarom moet ons die gemeenskap met elkeen wat die Seunskap van Christus verloën, verwerp.

"*Want baie verleiers het in die wêreld ingekom . . .*" (1 Joh. 4:1). Hulle is *baie* en daarom moet sterk teëstand gebied word. Hulle is daarop uit om te verlei of te mislei (Matt. 27:63; Joh. 7:12; 1 Joh. 1:8; 2:26). Hulle is soos wolwe onder die kudde (Hand. 20:29,30).

" . . . die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie . . ." (1 Joh. 4:2, 3). Hulle volhard in hierdie dwaling, hou aan daarmee.

"*Dit is die verleier en die Antichris*" (1 Joh. 2:22; 4:2; 5:6). Hier word in die enkelvoud

gepraat - "Antichris" - om die *wese* of *karakter* van die mense aan te dui (1 Joh. 2:18, 22; 4:3). In hulle leef alreeds die gees van die eintlike Antichris, wat as persoon sal kom (2 Thess. 2:3,4; Openb. 13:1-8).

8. "Wees op julle hoede ..." - letterlik: *Let op julleself* (Filip. 3:2; Kol. 2:8). Hier beveel die apostel - dit is ernstig en dringend. Dit kom ooreen met wat Jesus sê: "Waak!" (Matt. 25:13).

"... dat ons (of julle) nie verloor ..." Eintlik beteken dit dat ons nie *in die afgrond stort of bederf* nie (2 Pet. 3:6, 9 - "vergaan"). Hulle kan hul eie ondergang bewerk deur te luister na die dwaalleraars, want dan verloor hulle die band met die lewende Christus.

"... wat ons deur arbeid verkry het nie ..." sien hier op die arbeid van die prediking van die evangelie van Jesus Christus (Joh. 6:27-29). "Ons" sien hier bepaald op die skrywer (Johannes) en die apostels en andere wat die evangelie verkondig het.

"... maar 'n volle loon ontvang." Loon is hier genadeloon - alles wat God skenk, is genade (Matt. 5:12; 10:41; Kol. 3:24). Dat jy Christus en sy evangelie in die geloof aanneem en godvrugtig lewe, is die werk van sy genade (Ef. 2:8; Filip. 1:29; 1 Pet. 5:10). Die werklike genadeloon volg op volharding in geloof en godsvrug (Matt. 24:13; 2 Tim. 4:7, 8). Ontrou en afval bring die verlies mee van wat jy kon ontvang het (2 Pet. 2:20, 21; Hebr. 6:4-8; 10:26). Die "volle loon" sien op die ewige heerlikheid by die oordeelsdag (Matt. 25:34).

9. "Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie" (1 Joh. 2:23; 3:6, 10; 5:1). Ons kan hier vertaal: *Elkeen wat voorgaan* . . . Dan sien dit duidelik op voorgangers of leraars (Matt. 21:9 - "wat voor geloop het . . ."; 1 Tim. 5:24). 'n Leier wat 'n verleier geword het, is 'n oortreder. Hy bly of wandel nie in die *leer* van Christus nie. Om voor te loop of 'n voorganger te wees, is op sigself nie verkeerd nie, maar dan moet jy in die pad bly en die pad is "*die leer van Christus*". Die apostel eis nie *stilstand* op dieselfde plek nie - nee, daar moet voortgang of groei wees (2 Tim. 3:16,17), maar dit moet wees op die pad van die leer van Christus (Joh. 10:27; Matt. 16:24). Die leer van Christus is die leer wat Christus self gepreek het (Joh. 6:63; 7:16, 18, 19; 15:7). Maar Christus is ook die inhoud van die leer (1 Joh. 1:1-3; 5:20). Daaruit vloei voort 'n heilige lewenswandel volgens die geboorte van God (1 Joh. 4:7; 5:2). "hy het God nie" (1 Joh. 2:23,24; 4:8,9; 5:10-12).

10. Indien iemand, hoe belangrik of geleerd ook al, na julle kom en hierdie leer nie bring nie (verse 7, 9), *ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie*. Hier gee Johannes 'n algemene reël - só moet altyd gehandel word met die dwaalleraars. Nooi jy hom in jou huis, dan beoefen jy gemeenskap met hom. "*en groet hom nie*" is eintlik letterlik: *en sê nie vir hom "wees gegroet" of "welkom" nie*. Dit is hier bedoel as welkomsgroet (Hand. 15:23; 23:26; Jak. 1:1).

Die apostel wys op God se liefde vir ons, wat suiwer vyandsliefde is (1 Joh. 4:9, 10, 19). Hy dring ook daarop aan dat die liefde in ons geopenbaar moet word (1 Joh. 3:16; 4:16). Ons moet selfs ons vyande liefhê (Matt. 5:44). Hier gaan dit egter nie oor vyande van die gelowiges nie, maar om mense wat Christus as Seun van God verloën en daarom vyande van God is. Dit gaan ook nie om die persoonlike nood of behoefte van die mense nie, maar oor hulle as valse leraars en ongeloofspredikers. As sodanig kom hulle en as sodanig mag jy hulle nie ontvang of welkom heet nie. Naasteliefde is hier dus hoegenaamd nie ter sprake nie.

11. Want die een wat hom groet - of welkom heet - het gemeenskap aan sy bose werke. Onthou: sy bose werke is dat Hy Christus, die Seun van God, verloën. Ook hier gaan dit nie om alle omgang met 'n mens in nood nie - al is hy ongelowig of 'n dwaalleraar. Dit gaan om die motief waarom die mens in jou huis wil kom en waarom jy hom welkom heet. Hy wil jou geloof in Christus ondermyn - dit is sy motief en hierin mag jy geen deelgenoot wees nie.

Vrae: 7-11

1. Hoe vergelyk die dwaling van hierdie verleiers met die dwaling van die Jehovasgetuies en die sogenaamde Apostelkerke?
2. Kan daar ook verleiers binne die gemeente wees (Hand. 20:29, 30; 1 Joh. 2:18, 19)? Hoe moet die gemeente of kerkraad teenoor hulle optree (Openb. 2:2; 2Tim. 2:23-26; 1 Tim. 5:20; 1 Kor. 5:1-5,11)?
3. Kan 'n mens verloor wat jy in Christus ontvang het (Joh. 10:27, 28)?
4. Hoe begryp u dan vers 8?
5. Moet 'n mens elkeen wat as "leraar", met die Bybel in die hand, na jou toe kom as sodanig ontvang (Matt. 4:5-7)?
6. Is dit reg om 'n mens jou huis te verbied en hom nie te groet nie? Indien wel, wat is dan jou maatstaf ?
7. Kan 'n mens n t gemeenskap h  aan die bose werke van 'n dwaalleraar of ook aan die van ander sondaars (1 Tim. 5:22; 1 Kor. 5:1-5; 2 Kor. 6:14-18)?
8. Wat is die "leer van Christus" waaraan ons die leer van elke sogenaamde "leraar" moet beoordeel?

2 Joh.: 12,13. Die skrywer groet

12. Die skrywer het nog baie om te skryf - of te kan skryf - maar hy wil dit nie doen nie. Hy meen dat dit beter is om verder persoonlik met hulle te gaan praat. Dat hy allereers skrywe, is die bewys dat hy oor die gemeente bekommerd is. En dat hy selfs persoonlik met hulle wil gaan praat, benadruk sy kommer. Die verleiers is gevaarlik en listig en hy is onrustig oor die gemeente. Hieruit spreek Johannes se liefde en ampstrou. 'n Herder moet altyd bekommerd wees oor sy kudde, veral wanneer wolwe of jakkalse bedrywig is (Hand. 20:27-31; 2 Kor. 11:28; Gal. 4:19).

13. Hy groet ook namens "die kinders van u uitverkore suster". Ook hier kan ons aanneem dat dit die lede van die gemeente is waar hy toe vertoef het. Ook hulle dink met liefde aan die ander gemeente. S  is daar ook vriende in 3 Joh.: 15 wat groet.

Ons kyk dikwels te veel vas teen die grense van ons eie gemeente. Buite ons gemeente - en kerkverband - is ook "kinders" van die kerk of van die Here.

Vrae: 12, 13

1. Is u bekommerd oor die geestelike welsyn van u familie en vriende en medegelowiges? Skryf u soms vir hulle of besoek u hulle om die rede?
2. Gaan u belangstelling en liefde oor die grense van u eie gemeente of kerkverband na alle Christene?

3 Johannes

3 Joh.: 1-8. Gajus se liefde

1. Uit die aanhef en wyse van uitdrukking is dit duidelik dat die skrywer dieselfde persoon is as die van 2 Johannes (2 Joh.: 1). "Die ouderling aan die geliefde Gajus wat ek in waarheid liefhet." *Gajus* is origens vir ons 'n onbekende persoon. Uit die brief blyk sy geloof en liefde. Dit lyk ook nie asof hy 'n besondere amp beklee nie, maar 'n voorbeeld is van 'n gewone gelowige wat sy geloof ernstig opneem en uitleef (5, 6). Vergelyk verder aantekening by 2 Joh.:1.

2. Die skrywer wens vir Gajus die goeie toe ook in die stoflike en liggaamlike lewe. "In alles" moet dit goed gaan. Die woord *wens* hou in dat dit 'n *heilige wens* en daarom selfs 'n gebed is. Dat die dinge sy aardse besittings of besigheid betref, blyk daaruit dat hy verder sê: " . . . soos dit met jou siel goed gaan." Sy aardse voorspoed en gesondheid wend hy immers aan tot eer van die Here en tot diens van sy koninkryk (4-6). Teëspoed en siekte kan hom verhinder om te doen wat hy so "sielsgraag" wil doen. Dat dit met sy siel goed gaan, weet die apostel uit sy werke - die geloof word geken uit die werke (Matt. 12:33; Jak. 1:27; 2:15-17).

3. Dat dit met sy siel goed gaan, blyk ook uit die getuienis van ander mense - hulle vertel van sy goeie werke (Hand. 9:36, 39). Hulle getuig van "jou waarheid . . . soos jy in die waarheid wandel". Die vorm van die Griekse werkwoord "getuig" dui aan dat dit herhaaldelik of voortdurend gebeur. Dit blyk selfs daaruit dat daar nie verwys word na broeders wat met name genoem word nie - dit is 'n algemene getuienis van baie broeders. Ook hier beteken *waarheid* nie in die eerste plek sy opregtheid nie, maar sy geloofsband met die Waarheid - Jesus Christus - die Waarheid van God in Hom geopenbaar. Die Waarheid beheers vir Gajus en hy leef daaruit (1 Joh. 1:3; 2 Joh.: 4,6).

1. Die skrywer se grootste blydskap is dat hy hoor "dat my kinders in die waarheid wandel". Hier praat hy van gemeentelede as "my kinders" (1 Joh. 2:1 - vergelyk aantekeninge daar). Dit wil nie sê dat Gajus juis deur die prediking van Johannes gelowig geword het nie, maar dat hy onder die geestelike leiding van die apostel staan. Hoe hy in waarheid wandel, blyk dan en word gestaaf uit vers 5,6.

5. "Geliefde, jy handel getrou . . ." (Matt. 25:23). Sy lewe of wandel kom ooreen met sy heilige roeping as gelowige. Weer benadruk die tydsvorm van die woord dat hy dit voortdurend doen - hy handel altyd volgens die beginsel en hy doen dit *altyd* (Matt. 25:34-40 - uit hierdie reaksie van die "skape" kan ons selfs aflei dat hulle so vanselfsprekend die liefdesbeginsel uitleef dat hulle hul liefdesdade nie eens onthou nie). Wat Gajus se dae van soveel groter belang maak, is dat hy dit aan *vreemdelinge* doen. Hulle was rondreisende evangeliedienaars (7,8).

6. Dit is juis hierdie vreemdelinge wat getuienis gee van Gajus se liefde - nie hy self nie (Matt. 6:1-4). Hulle was by hom en het weer vertrek uit die gemeente waar Gajus 'n lid is, na die gemeente waar die skrywer hom bevind. Daar het hulle toe openlik aan die gemeente vertel van Gajus se gasvryheid. Hy het dit nie maar gedoen omdat hy daartoe verplig was nie, maar dit was vir hulle duidelik dat die *liefde* sy dryfveer was (1 Joh. 4:7, 11). Hulle praat nie in die eerste plek van wat hy gedoen het nie, maar van sy liefde. As hy dit doen, dan doen hy wat God welbehaaglik is - God keur sy optrede goed as waardig voor Hom. *Voorthelp* het hier die betekenis dat sy gasvryheid die reisende predikers help om voort te gaan. Dit hou ook iets in van wat die barmhartige Samaritaan gedoen het - hy het nie alleen wonde verbind en gehelp nie, maar ook voorsiening gemaak vir sy voortgang (Luk. 10:33-35; Tit. 3:13). Dit is

liefde wat voor God waardig is (1 Thess. 2:12; Kol. 1:10; Kol. 1:27).

7. "Want vir sy Naam het hulle uitgegaan . . ." Ons kan ook vertaal: *vir die Naam* . . . Hiermee stel Johannes die doel of rede van die reise van die evangeliste. Hulle het gewerk ten behoeve van *die Naam* (Hand. 5:41). Die Naam is die openbaring van God self in Christus (Joh. 17:6; 1 Joh. 2:12; 3:23; 5:13). Hulle het *uitgegaan* - die wêreld ingetrek (Matt. 28:19; Mark. 16:15; Hand. 1:8). Dit het van hulle kant opoffering en moeite gekos. Hulle het niks van die *heidene geneem* nie. Al sou dit heidense familie of kennisse wees, met die oog op hulle werk, wou hulle niks aanvaar nie. Hulle het gekom om vir die heidene te *gee* - die evangelie - en nie om te *ontvang nie* (Hand. 20:35). Hierdie evangeliste is uitgestuur om sendingwerk te doen - van waar weet ons nie. Dit kan moontlik Éfese wees, waar Johannes sy laaste lewensjare deurgebring het.

8. "Ons", gelowiges wat in Christus met die sendelinge een is, is *skuldig* om sulke mense goed te ontvang. Ons is dit aan God verskuldig en selfs daartoe geroepe (1 Joh. 2:6; Matt. 10:41). Gajus is nie maar 'n besonder voorbeeldige mens of iemand wat dit net so goed kon nalaat nie, maar elke gelowige is van Godswêë daar toe verplig. Dit gaan hier om alle en volledige hulpbetoon (1 Kor. 9:9-14).

Op die wyse is *ons almal medewerkers* van die Waarheid. Dit beteken eintlik dat ons medewerkers van Christus is - Hy is die waarheid. Dan gaan dit nie om die menslike evangeliste of predikers nie, maar om Christus self. Deur die verkondiging van die evangelie te help bevorder, werk Christus deur ons en kom sy koninkryk in die wêreld (1 Kor. 3:9).

Vrae: 1-8

1. Kan ons met sekerheid sê dat Johannes die skrywer van hierdie brief is?
2. Is dit verkeerd indien ons bid vir aardse voorspoed en gesondheid?
3. Waarom is Gajus se voorspoed en gesondheid so belangrik vir Johannes? Is dit ook u groot begeerte om daartoe voorspoedig en gesond te wees?
4. Wat moet ons egter eerste soek (Matt. 6:31-34)?
5. Gaan dit goed met u siel? Waaruit weet u dit?
6. Mag ons self getuig van ons goeie werke? Mag of moet ons vertel van ons naaste se goeie werke?
7. Wat dink u is of behoort u predikant se grootste blydskap te wees?
8. Sou dit goed wees vir Gajus om te hoor hoe Johannes hom prys? Moedig u ook u medemens só aan, of lê ons meer nadruk op andere se foute?
9. Indien u persoonlik nie sendingwerk kan doen nie, volg u dan ten minste Gajus se voorbeeld?
10. Sou u sê dat die heidene self moet bydra vir sendingwerk (vers 7)?
11. Wat is alle gelowiges se Christelike roeping of plig teenoor werkers in die koninkryk van God?

3 Joh.: 9-15. Diótrufes en Demétrius

9. Waarskynlik het Diótrufes groot invloed en is Johannes bevrees dat Gajus hom sou laat beïnvloed en só sy liefdesbetonings staak. Moontlik het Johannes die indruk dat Gajus maklik te goeder trou Diótrufes se opvattinge as die waarheid kan aanvaar en is daar uit die getuienis wat hy gehoor het alreeds tekens van die verkeerde invloed op Gajus.

Johannes het aan die gemeente geskrywe. Dit is dieselfde gemeente as waaraan Gajus en Diótrephes behoort. Omdat dit aan die gemeente gerig is, moes dit in die gemeente voorgelees word. Hy het blykbaar nie 'n lang brief geskryf nie, maar *iets* - volgens die oorspronklike taal. Dit kan selfs 2 Johannes wees, omdat daar in albei briewe aangedring word dat die gemeente *in die waarheid moet wandel*. Dit mag ook 'n ander brief wees waarin hy moontlik die reisende sendelinge aan die gemeente bekend gestel het (vers 10).

Die saak waaroor dit egter gaan, is Diótrephes se houding en reaksie. Hy was blykbaar 'n ampsdraer en selfs 'n invloedryke persoon. Hy wou onder hulle - die gemeente - die *eerste wees*. Hy lê hom daarop toe om sy mag en invloed te gebruik. Hy wou nie die dienaar van Christus en die gemeente wees nie, maar deur sy invloed sy eie aansien en mag oor die gemeente bevorder. Hy weier selfs om Johannes, die apostel, se gesag te erken. Hy steur hom nie alleen nie aan die brief nie, maar hou dit klaarblyklik ook terug van die gemeente. Dit gaan egter nie alleen om Johannes se persoonlike gesag nie, want hy praat van *ons*. Met "ons" word bedoel die gelowiges wat soos Johannes dink of glo - die "vriende" van vers 15 of selfs die apostels (1 Joh. 1:1-4; 4:14).

10. Die uitdrukking "as ek kom" wil eintlik tuisbring dat hy wil kom, maar nie seker is dat hy sal kan kom nie. Hy sal *Diótrephes* dan wys op sy werke. Die saak is ernstig in die oë van die skrywer - dit moet reggemaak word. Sy *werke* sluit in kwaadpraterie - "slegte woorde"; dat hy die besoekende predikers nie gasvry ontvang nie, en ook probeer om andere te verhinder om dit te doen - klaarblyklik ook vir Gajus. Hy werp hulle selfs uit die gemeente - klaarblyklik omdat hy hulle as dwaalleraars voorstel (2 Joh.: 7-11).

11. Moenie navolg wat verkeerd - "kwaad" - is nie (Hebr. 13:7; 2 Thess. 3:7, 9). Hier het ons 'n algemene gebod: jy mag nooit die kwaad of kwaaddoener navolg nie (Ps. 1:1, 2), "*maar wat goed is . . .*" (1 Pet. 2:15, 20; 3:6, 17; Luk. 6:33). Hier gaan dit nie alleen daarom dat jy 'n weldoener is nie, maar dat jy doen wat God beveel en Hom welbehaaglik is (Joh. 4:4, 6). So 'n mens is uit God, daarom leef hy uit God *maar hy wat kwaad doen . . .*" - die *kwaad* lê ook op sedelike gebied (1 Pet. 3:17; Luk. 6:9) en tog is dit in werklikheid sonde teen God - só 'n mens het God nie gesien nie (1 Joh. 1:1-3; 3:6; 4:20). Sintuiglik kan niemand God sien nie (Joh. 1:18; 1 Tim. 6:16). Hy laat Hom egter sien in die openbaring in sy Woord en ten volle in die Here Jesus Christus (Joh. 12:45; 14:9). Daarom beteken *sien* hier om waarlik te *ken* (Joh. 14:9; 1 Joh. 3:6). Verwys Johannes hier na Diótrephes (9, 10) beteken dit dat hy God nie ken nie, al gee hy dit voor, al is hy selfs 'n gesiene leier in die gemeente. Die boom word aan sy vrugte geken.

12. Hierdie Demétrius, van wie Johannes nou praat, ken ons nie verder nie. Hy kom waarskynlik van dieselfde gemeente as Gajus en word nou by Gajus aanbeveel. Waarskynlik is Gajus wat Demétrius betref, mislei. Hy kon selfs een van die manne wees van wie ons lees in 3-5 en het moontlik die brief vir Gajus saamgeneem. Almal wat hom ken, gee 'n goeie getuienis van hom en dit blyk ook uit sy lewenswandel dat Hy uit die Waarheid leef (2 Joh. 1). Met Waarheid word, soos elders, die Here Christus bedoel (Joh. 14:6). Christus leef en werk in hom. "En ons" - die apostel en ander vriende (2 Joh.: 1) - getuig ook. "En jy weet dat ons getuienis waar is." ("julle" in ons vertaling is hier seker nie reg nie, want Johannes skryf aan Gajus en ons het goeie getuienis uit ou tekste dat dit "jy" kan wees). Gajus ken die skrywer en weet dat hy nie vals sal getuig nie (Joh. 19:35; 21:24).

13. Hy sluit sy brief af soos in 2 Joh.: 12. Hy wil liever persoonlik met Gajus praat as om verder te skryf.

14. Hy hoop om Gajus gou te sien - hy het dus 'n plan om hom te besoek. Dan sal hy verder persoonlik met hom praat (2 Joh. 12).

15. "Vrede vir jou . . ." (1 Pet. 5:14). Dit is die normale groet veral by die Jode. Hier sou ons dit kon sien in verband met die vrede in Christus (Rom. 5:1; Joh. 20:19, 26). Ook die ander vriende - moontlik sommige van die wat by Gajus tuis was - groet hom. "Groet die vriende by die naam." Só sluit die ouderling - 'n geëerde apostel - sy brief nederig en met belangstelling in elke vriend afsonderlik, af. Hy kan met reg die apostel van die liefde genoem word.

Vrae: 9-15

1. Diótfes is nie 'n mooi voorbeeld nie - waarom?
2. Waarom moet 'n begaafde en invloedryke ampsdraer baie goed op homself let?
3. Waarom is liefde en gasvryheid so uiters belangrik?
4. Waarom is vers 11 'n algemene gebod vir elke gelowige?
5. Kan u sê dat u God gesien het (11)?
6. Waarom is die getuienis aangaande Demétrius die waarheid?